


Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 7, No. 3

Vertalings saamgestel uit vroeër gepubliseerde *Tomorrow's World*-tydskrifte



Persoonlik

Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

China maak opgang

Beijing, China – Hier in die wêreld se dig bevolkte nasie is gebeure aan die opbou wat 'n dramatiese uitwerking op ons lewens gaan hê. Oppervlakkig kom dinge tans nog kalm voor. My vrou en ek het bevind dat die mense hier baie aangenaam en uiters hoflik is. Die Chinese leierskap probeer alles in hulle vermoë om die 2008 Olimpiese Spele 'n reuse sukses te maak. China se amptelike beleid is tans om 'n veldtog van “glimlaggende diplomatie” te voer. Almal is dus baie hoflik en daar is oral glimlagte solank u nie die regerende elite op enige wyse teengaan nie.

Die rookmis hier is egter amper onuithoubaar – en dit is selfs erger in Shanghai. Enigeen wat nie aan hoë vlakke van besoedeling gewoon is nie, moet nie onbehandelde water in Beijing drink nie. Toeriste moet hier nie ongekoekte vrugte en groente eet nie. Onder my hotelvenster, terwyl ek hier skryf, het die spoed van die motorverkeer afgeneem tot 'n slakkepas, selfs in die middel van die dag. Gedurende ons sesdaagse besoek aan China, het ons bevind dat massiewe verkeersopeenhopings regoor Beijing en Shanghai aan die orde van die dag is.

Hierdie mense is egter *taai*. In ons gesprekke met van die Westerse ingenieurs hier in ons hotel, het ons uitgevind dat baie Chinese tot 15 uur per dag werk, soms ses dae per week. Ons het die klopore hoor stamp en die bouperssele verlig gesien tot amper middernag.

Dit ly geen twyfel nie – *China is besig om opgang te maak*.

Terwyl dit alreeds die land met die grootste

bevolking is, beskik China ook oor buitelandse finansiële reserwes wat die reserwes van ander lande in die skadu stel. Chinese finansiële reserwes oorskry \$1.2 *biljoen*! Die meeste van hierdie reserwes bestaan uit VSA-regeringsobligasies en ander VSA-waarborgs. Dus, alhoewel min normaalweg in die VSA media hieroor gesê word, sal China 'n toenemende invloed en selfs *mag* oor die finansiële toekoms van elke man, vrou en kind in Amerika hê! As China sou besluit om die prop uit te trek en begin om groot hoeveelhede VSA skatkis-banknote te verkoop, sal daar baie gou 'n *massiewe onttrekking* wees van bates wat aan die dollar gekoppel is. Solank as wat die meeste mense in Amerika ver bo hul vermoëns lewe, sal China, met elke jaar wat verloop, toenemend meer beheer oor Amerika se ekonomiese toekoms verkry. *Dink daaraan!*

Die Ewige God sê, “Die ryke heers oor die armes, en hy wat leen, is 'n *slaaf* van die man wat uitleen” (Spreuke 22:7).

Aangesien die meeste mense in die Verenigde State [en ook in Suid-Afrika] nie *langer werklik glo* en *toepas* wat die Bybel ons leer nie, kan ons nou maar God se finansiële waarskuwing vergeet? *Nee!* Nog minder mag ons hierdie geïnspireerde waarskuwing vergeet wat Hy aan die voorvaders van die Amerikaners en ander nasies van Britse afkoms gegee het, en wat in *beginnel net* so op ons van toepassing is: “Die vreemdeling wat by jou is, sal hoër en hoër oor jou opklim; en jý sal laer en laer afsak. Hý sal aan jou leen, maar jý sal aan hom nie leen nie; hy

sal die kop en jy die stert wees. En al hierdie vloeke sal oor jou kom en jou agtervolg en jou inhaal totdat jy verdelf is, omdat jy nie geluister het na die stem van die HERE jou God om sy geboorte en sy insette wat Hy jou beveel het, te hou nie" (Deuteronomium 28:43-45).

Intussen is die Chinese stilweg maar ywerig besig om baie van hulle hulpbronne aan te wend om een van die sterkste militêre magte in die menslike geskiedenis op te bou. Met die wêreld se grootste staandemag – wat nou op 2.5 miljoen aktiewe personeel geskat word – is China voortdurend besig om sy militêre begroting te vergroot. Die VSA se Visepresident, Dick Cheney, het in Februarie ernstige kommer uitgespreek oor China se militêre opbouing. Die Chinese militêre begroting het vir jare met 'n dubbelsyfer persentasiekoers gegroei, met 'n 18 persent groei wat vir 2007 beplan is. Soos die gerespekteerde tydskrif, *Economist*, vroeër hierdie jaar berig het, "Die Volk se *Bevrydingsleër* is uiters terughoudend oor sy vermoëns en voornemens, maar het in Januarie 'n missiel die ruimte ingestuur om 'n ou weersatelliet te vernietig. 'China se militêre beleid is teenstrydig met sy land se verklaarde vreedsame doelwitte', het Mnr. Cheney gesê – wat moontlik aandui dat hy nie werklik in daardie doelwit glo nie" (31 Maart 2007).

Die VSA is in 'n verswakte toestand, veral as gevolg van die geweldige verliese aan geld, militêre toerusting en mannekrag wat in die konflikte in Irak en Afganistan gely is. Die land is dus in 'n powerse posisie om China militêr – *of op enige ander manier* – in Suidoostelike Asië die stryd aan

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad

Persoonlik – China maak opgang

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

Hoofartikel

Wêreldregering kom!

3

Die verrassende waarheid van Jesus se boodskap is lank genoeg begrawe! U behoort die werklikheid van God se profesieë te verstaan – en hulle spesiale betekenis vir ons vandag!

Vyf Sleutels tot 'n Suksesvolle Huwelik

8

Die gesin is die grondslag van 'n gemeenskap. 'n Suksesvolle huwelik bring vreugde aan die uitgebreide gesin en aan die gemeenskap – maar 'n huwelik kan ook uitdagende probleme meebring. Hoe kan u u huwelik verbeter?

Europese Unie:

Veranderings Vorentoe?

10

Wat hou die 21ste eeu in vir Europa? Hoe sal veranderings in Europa ons wêreld beïnvloed? Bybelprofesieë onthul die toekoms!

Het hulle tevergeefs gesterf?

17

Gereeld

Vrae en Antwoorde

23

Profesie neem gestalte aan

24

Wêreld van Mōre

Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

Besturende Redakteur

Gary F. Ehman

Streksredakteurs

Rod McNair (Filippyne)
Bruce Tyler (Australië)
Gerald Weston (Kanada)
Douglas S. Winnail (Europa)

Nuusbuuro

June Olsen

Strekskantore

VSA:

P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
www.tomorrowworld.org

AUSTRALIË:

GPO Box 772
Canberra, ACT 2601
Tel: (07) 5546 0472
Faks: (07) 5546 0768

KANADA:

P.O. Box 27202
Toronto, Ontario, M9W 6L0
Tel: (905) 671-3730
Faks: (905) 671-9599

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767
Auckland, New Zealand
Tel/Faks: (09) 435 3592

FILIPPYNSE EILANDE:

MCPO Box 1774
Makati City 1257, Philippines
Tel: 63-2-813-6538
Faks: 63-2-867-1569

BRITTANJE:

P.O. Box 9092
Motherwell, ML1 2YD Scotland
Tel/Faks: 44-1698-263-977

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016
Harrismith, FS 9880
Tel: 058 622 1424
Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Mōre*-tydskrif het geen inteenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Mōre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowworld.org

Wêreldregering kom!

Deur Roderick C. Meredith

Die verrassende waarheid van Jesus se boodskap is lank genoeg begrawe! U behoort die werklikheid van God se profesieë te verstaan – en hulle spesiale betekenis vir ons vandag!

Regeerings reg oor die wêreld is in chaos! Dit lyk of nie een van hulle die antwoord ken wat vrede en voorspoed vir hulle mense sal bring nie. *Wat kan ons doen?*

Sommige mense kyk na 'n wêreldregering as die antwoord. Net soos die mislukte Volkerebond voor dit, is die Verenigde Nasies gevorm in 'n poging om alle nasies onder een gemeenskaplike wet saam te voeg. Bykans elkeen stem egter saam – die Verenigde Nasies het misluk. Niemand skyn dit egter ernstig op te neem nie.

Kan die mensdom se godsdienste 'n wêreldregering teweegbring? Duisende Moslem ekstremiste glo dat die wêreld uiteindelik deur oorlog en terrorisme die Dar-al-Islam – die “land van Islam” – kan word, maar selfs godsdienstrywers kan oor baie min saamstem. Daar is dosyne wedywerende Moslem sektes, en honderde maal honderde “Christelike” groepe met almal heeltemal verskillende oortuigings van “wêreld-eenheid”. Met so baie wedywerende boodskappe in ons moderne tyd, is dit *belangrik watter boodskap ons glo?*

Deesdae sê baie predikante: “Glo net in die naam van Jesus Christus en jy sal gered word”. Hulle sê dikwels wat mens aangaande Christus en Sy boodskap glo, is nie

so belangrik as om in *Hom* as Persoon te glo en *Hom* lief te hê nie.

Wat nou hiervan? Is dit belangrik om die einste boodskap wat Jesus Christus verkondig het, te glo? Het Hy dan nie 'n besondere boodskap verkondig nie? Is Sy boodskap dan so allesomvattend dat ons soveel botsende sektariese idees en tradisies uit daardie boodskap kan put?

'n Geïnspireerde WAARSKUWING

Die *geïnspireerde antwoord* op daardie vraag vind ons in die eerste hoofstuk van Paulus se sendbrief aan die Christene in Galasië. Die apostel van Christus was **onthuts** dat hierdie mense alreeds besig was om af te dwaal – nie van Christus as persoon nie, maar *van Sy boodskap af!* “Ek verwonder my dat julle so gou afvallig word van Hom wat julle deur die genade van Christus geroep het, na 'n *ander evangelie* toe, terwyl daar geen ander is nie; behalwe dat daar sommige mense is wat julle in die war bring en die evangelie van Christus wil verdraai” (Galasiërs 1:6-7).

Let daarop dat Paulus ontsteld is omdat mense die waarheid van Christus se **boodskap verdraai** het – nie iets oor Hom as persoon nie. Hy gaan voort: “Maar al sou ons of

'n engel uit die hemel julle 'n *evangelie verkondig in stryd* met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n **vervloeking** wees!” Dan herhaal Paulus hierdie veroordeling en maak dit 'n *dubbele vloek*: “Soos ons vantevore gesê het, sê ek nou ook weer: As *iemand* julle 'n *evangelie verkondig in stryd met die wat julle ontvang het*, laat hom 'n **vervloeking** wees!” (verse 8 en 9). In die apostel Paulus se gedagtes was daar **een** ware evangelie – enige ander evangelie is 'n vervalsing wat 'n **vloek** van apostoliese gesag vereis!

Wat is die ware evangelie wat Paulus suiwer probeer hou het? Wat is die **waarheid** wat God deur Sy Seun Jesus Christus na hierdie wêreld gestuur het?

Christus was 'n BOODSKAPPER

Christus het met 'n *boodskap* van God die Vader gekom wat die probleme van hierdie laaste geslag op aarde sal oplos!

Let op na die profesie in Maleagi aangaande Sy eerste koms: “Kyk, Ek stuur My *boodskapper* wat die weg voor My uit sal baan; dan sal skielik na Sy tempel kom die Here na wie julle soek, naamlik die *Engel van die verbond*, na wie julle 'n begeerte het. Kyk, Hy kom, sê die HERE van die leërskaar” (Maleagi 3:1).

In werklikheid sê Christus hier – as die Woord of Woordvoerder van die Ou Testament – dat Hy 'n boodskapper voor Hom uit sou stuur om die weg vir Hom voor te berei. Christus moes die *BoodsAPPER van die Verbond* wees.

In Handeling 10 vind ons 'n beskrywing van die *boodskap* soos wat dit die eerste maal aan die nie-Joodse Christene verkondig was. Die eerste deel van die hoofstuk toon hoe Cornelius gekies was as die eerste nie-Jood om die ware evangelie van Christus te ontvang en hoe Petrus na sy huis gestuur was om die waarheid van God te bring. Ons lees: “En Petrus het sy mond geopen en gesê: Ek sien waarlik dat God geen aannemer van die persoon is nie, maar dat in elke nasie die een wat Hom vrees en geregtigheid doen, Hom welgevallig is” (Handeling 10:34-35). Hier erken Petrus dat God nou nie-Jode roep na *dieselfde waarheid* wat sedert Pinkster aan Jode geopen was.

Hy gaan voort: “Dit is die woord wat Hy gestuur het aan die kinders van Israel toe Hy die evangelie van vrede verkondig het deur Jesus Christus – Hy is die Here van almal. Julle weet van die saak wat deur die hele Judéa gebeur het en van Galiléa af begin het, ná die doop wat Johannes gepreek het” (Handeling 10:36-37). Soos hy direk deur God geïnspireer was om hierdie eerste nie-Joodse Christen te bereik, verwys Petrus dadelik na die **waarheid** as die woord wat God deur Jesus aan Israel gestuur het en wat vanuit Galilea begin het, ná Johannes die Doper se prediking.

Petrus verwys hierna as die boodskap aan *beide* Israel en die nie-Jode. Dit was dus God se **boodskap** aan die *hele mensdom*!

Die BOODSKAP wat Jesus gebring het

Wat was Christus se boodskap en hoe en wanneer het Hy dit verkondig? Neem kennis: “En nadat Johannes oorgelewer was [dit was die *tyd*], het Jesus [dit is die *BoodsAPPER*] in Galiléa [die *plek*] gekom en die evangelie van die koninkryk van God verkondig en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie” (Markus 1:14-15).

Hier vind ons die ware BoodsAPPER, die tyd en die plek. Hier vind ons die werklike **boodskap** van God! Dit is die *goeie nuus* of die *evangelie* van die *Koninkryk van God*. In *Die Multivertaling Bybel* word dit die “koninklike regering” van God genoem. Dit is die blye boodskap van God se Koninkryk – Sy **heerskappy** – Sy **regering** wat uiteindelik vrede op hierdie aarde sal bring!

Let daarop dat hierdie ware evangelie nie die mens se evangelie is oor die *persoon* van Christus nie, dit is *Christus* se boodskap. Dit is die boodskap wat Hy van God die Vader gebring het, oor die toekomstige *regering* van God, of die *Koninkryk van God*, op hierdie aarde. Dit is **noodsaaklik** dat u hierdie boodskap *glo* en *gehoorsaam*! Jesus sê: “Wie My verwerp en My woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag” (Johannes 12:48). Dus sê Jesus dat u geoordeel sal word deur *Sy woord* – *Sy boodskap*!

Jesus Christus het **altyd** oor die *Koninkryk van God* onderrig gegee. Lukas vermeld: “En daarna het Hy die een stad en dorp na die ander deurgereis en gepreek en die

evangelie van die koninkryk van God verkondig; en die twaalf was saam met Hom” (Lukas 8:1).

Selfs Jesus se gelykenisse was almal gemoeid met die Koninkryk van God. “En Sy dissipels het Hom gevra en gesê: Wat beteken hierdie gelykenis tog? En Hy antwoord: Aan julle is dit gegee om die verborgenhede van die *koninkryk van God* te ken; maar aan die ander deur gelykenisse, sodat hulle, terwyl hulle sien, nie sien nie, en terwyl hulle hoor, nie verstaan nie” (verse 9-10).

Aangesien Jesus Christus en al die Apostels en profete voortdurend van die Koninkryk van God gepraat het, behoort ons te verstaan *wat 'n koninkryk is*.

Wat is 'n Koninkryk?

Elke koninkryk bestaan uit vier elemente. Ten eerste is daar 'n koning of heersende gesag. Tweedens is daar 'n grondgebied waaroor die koninkryk beheer uitoefen. Derdens is daar onderdane of burgers in elke koninkryk. Vierdens moet elke koninkryk oor *wette* en 'n *vorm van regering* beskik.

Dit is hoe God se koninkryk ook georganiseer is. Jesaja onthul wie die koning of heersende gesag in die *toekomstige wêreldregering* sal wees. “Maar daar sal 'n takkie uitspruit uit die stomp van Ísai, en 'n loot uit sy wortels sal vrugte dra; en op Hom sal die Gees van die HERE rus, die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en sterkte, die Gees van kennis en van die vrees van die HERE. En Hy het 'n welgevalle aan die vrees van die HERE; en Hy sal nie regsprek na wat Sy oë sien nie, en nie oordeel na wat Sy ore hoor nie; maar aan die armes sal Hy in geregtigheid reg doen en die sagmoediges van die

land met billikheid oordeel; maar Hy sal die aarde slaan met die roede van Sy mond en met die asem van Sy lippe die goddelose doodmaak” (Jesaja 11:1-4). Hier is die welbekende profesie dat *Christus* – deur Dawid van Isai afgestam – met Sy Wederkoms koning sal wees oor die hele aarde.

Voor Jesus se menslike geboorte, het 'n engel hierdie profesie aangaande Sy toekomstige heerskappy aangekondig: “Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van Sy vader Dawid gee, en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan Sy koninkryk sal daar geen einde wees nie” (Lukas 1:32-33). Christus gaan werklik op *die troon van Dawid* regeer. Daardie troon is vandag op hierdie aarde! Hy sal heers oor die huis van Jakob, of *Israel*. Hierdie is mense hier op hierdie aarde! Indien u nie die nasionale identiteit van moderne Israel verstaan nie, skryf asseblief *dadelik* en vra om 'n gratis kopie van ons boekie *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid Afrika?*

Ja, 'n *wêreldregering* met Jesus Christus as die Goddelike **Heerser**, gaan spoedig kom! Die apostel Johannes beskryf een van die ontsagwekkendste gebeurtenisse in die geskiedenis: “En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke *van die wêreld* het die eiendom van onse Here geword en van Sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid” (Openbaring 11:15).

Christus sal aan ons wys hoe om vrede op *hierdie aarde* te hê! Dit is die **enigste** wyse waarop ons ooit vrede sal hê!

God se Regering op hierdie aarde

Noudat ons *bewys* het dat Christus die Koning van die toekomstige Koninkryk van God is, laat ons nou bepaal *waar* daardie koninkryk geleë sal wees. Het u opgemerk dat in bogenoemde skriftuurlike aanhaling “die koninkryke *van die wêreld*” deur Christus regeer sal word?

Dit word bevestig in Daniël 2:44, in die afsluiting van Daniël se profesie oor die vier groot wêreldregerende koninkryke wat die Westerse wêreld sal oorheers. Soos wat bykans alle Bybelgeleerdes erken, is die vierde groot koninkryk die Romeinse Ryk wat – met sy verskeie herlewings – tot die einde van hierdie tydperk die septer sal swaai. “Maar in die dae van dié konings sal die God van die hemel 'n koninkryk verwek wat in **ewigheid nie** vernietig sal word nie, en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar 'n einde aan maak, maar self sal dit vir ewig bestaan”. Dit dui duidelik daarop dat die Koninkryk van God hier *op hierdie aarde sal wees* – nadat Christus, die “Klip” (vers 45) al die ander koninkryke vernietig en God se regering gevestig het om vrede te bring.

Jesaja se beskrywing toon dat die Koninkryk *op hierdie aarde* sal wees. “Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op My hele heilige berg [*koninkryk*] nie; want die *aarde* sal vol wees van die kennis van die HERE soos die waters die seabodem oordek” (Jesaja 11:9).

U het waarskynlik teen hierdie tyd al opgemerk dat die *onderdane* of *burgers* van God se Koninkryk die fisiese mense is wat nog lewend sal wees op hierdie aarde! Jesaja

11:10 beskryf Christus as die “Wortel van Isai” en sê “die [*nie-Joodse*] nasies sal na Hom vra” (NV). Hier vind ons dat selfs die *nie-Joodse* nasies op hierdie aarde deur Christus regeer sal word. Lees nou verder van vers 11 af: “En in dié dag sal die Here weer vir die tweede keer Sy hand uitstrek, om die oorblyfsel van Sy volk los te koop wat sal oorbly uit Assirië en Egipte ... en uit die kuslande van die see; en Hy sal 'n banier ophef vir die nasies en bymekaar laat kom die seuns van Israel wat verdryf is, en versamel die dogters van Juda wat verstrooi is, uit die vier hoeke van die aarde” (verse 11 en 12).

Dit sal die tyd van die glorieryke herversameling van die Israelitiese volke wees, wat met Christus se Wederkoms teruggebring sal word uit hul ballingskap. Hulle sal dan leer om God se *heerskappy*, Sy *Wette*, Sy *regering* en Sy *Weg van lewe* te *verstaan* en te *waardeer*! Wat 'n wonderlike wêreld sal dit tog nie wees nie!

Die Wette van God se Koninkryk

Slegs God ken die weg na *vrede* en *blydskap*! Hy openbaar hierdie *Weg* van die begin van Genesis af tot aan die einde van Openbaring. Dit stem nie altyd ooreen met die weg wat vir die “mens reg lyk” nie, maar dit is die *Weg* na ware vrede op hierdie aarde.

Regdeur die profesieë toon God dat Sy Koninkryk op daardie wyse regeer sal word, die *Weg* wat gebaseer is op Sy *Wet*. Lees nou Jesaja se geïnspireerde beskrywing van God se Koninkryk soos wat dit op hierdie aarde administreer sal word: “En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van

Jakob, dat Hy ons Sy weë kan leer en ons in Sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem” (Jesaja 2:3).

Ja, God se heerskappy is volgens Sy **Wet!** Die geestelike beginsels van God se Tien Gebooe is die *weg* na vrede en vreugde en elke goeie ding wat hierdie wêreld regtig graag wil hê. Mense hardloop egter vandag so vinnig as wat hulle kan weg van daardie Weg af!

Na Christus se Wederkoms sal Hy die nasies van hierdie wêreld eers moet **straf** om hulle te temper, sodat hulle kan leer om Sy *Weg* en Sy *Wet* te *waard*er! “En Hy sal oordeel tussen die nasies en *regspreek* oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie” (vers 4). As Koning van die konings, sal Christus die nasies moet

teregwys en hulle letterlik die weg na vrede moet *leer* – en God se Wette wat vrede sal bring.

Vandag verkeer baie mense onder die *wanindruk* dat die Nuwe Verbond wegdoen met God se Wet! Inteendeel, in die beskrywing van hierdie einste gebeure wat sal plaasvind met Christus se Wederkoms en die vestiging van God se Koninkryk, openbaar die profesieë dat God se Wet die letterlike **basis** van die Nuwe Verbond sal wees en van die ooreenkoms wat Christus met fisiese Israel aangegaan het – en wat Hy aangaan met individuele Christene uit alle nasies wanneer hulle hul bekeer. “Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee My wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees” (Jeremia 31:33).

Die mens sal nie vrede kan hê

voordat die **menslike natuur verander** word nie! God se Wet openbaar die *aard* en *karakter* van God. Na Christus se Wederkoms om al die nasies te bekeer, sal Hy God se *Wet* in die *denke* en *harte* van mense skrywe. Dit sal dus *deel van hulle aard word!* Hulle sal dan die *weg na vrede ken!* – en na **vreugde!** – en **blydschap!** Jesus Christus Self het openbaar dat God se Wet die einste **basis** van Sy Koninkryk is. Hy sê: “Die wet en die profete was tot op Johannes; van toe af word die evangelie van die koninkryk van God verkondig, en elkeen dring met geweld daarin. Maar dit is makliker dat die hemel en die aarde verbygaan as dat een tittel van die **wet** sou val” (Lukas 16:16-17). Hier vind ons Jesus se duidelike stelling dat die Wet van God 'n integrale deel vorm van die boodskap van die *Koninkryk van God!*

Praat Jesus egter van die Wet van die Tien Gebooe? Ja, Hy doen!

Glo u die Ware Evangelie?

Wat het Jesus WERKLIK verkondig? Weet u? Moenie so seker wees nie! Wat het Jesus bedoel met “die Koninkryk van God”? Hier is die opwindende Goeie Nuus: Daar GAAN 'n nuwe wêreld kom!

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoorde op hierdie vrae te kry!

Hy gaan in die volgende asem voort: "Elkeen wat van sy vrou skei en 'n ander een trou, pleeg egbreuk; en elkeen wat trou met die vrou wat van haar man geskei is, pleeg egbreuk" (vers 18). Hier toon Hy inderdaad dat die Wet waarvan Hy praat, die *gebod* teen egskeiding insluit wat gebaseer is op die Tien Gebooe. Christus het daardie Wet vergroot deur spesifieke enger riglyne te gee vir egskeiding (Mattheüs 19:9). Indien u meer oor hierdie onderwerp wil weet, skryf asseblief om u gratis kopie van ons boekie, *Bou 'n Vreugdevolle huwelik*.

Daardie Wet is nog steeds **bindend** op ons vandag! Indien ons beplan om in God se Koninkryk te wees – om vir altyd deel van Sy regering te wees – behoort ons te leer om God se Wet hier en nou in hierdie lewe, te onderhou en te **gehoorsaam**!

Hoe om te kwalifiseer vir God se Koninkryk

Om ons te help om hierdie beginsel van **gehoorsaamheid** te verstaan, laat ons terugkeer na die heel begin van Jesus se bediening en wat Hy werklik hier op aarde onderrig het. Toe Hy deur die Duiwel versoek was, het Hy een van die mees basiese waarhede van alle tye gestel: "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan" (Mattheüs 4:4).

Onthou dat die enigste geskrewe woord van God in die tyd toe Jesus dit gesê het, die **Ou Testament** was! Dit is die woord wat die Wet van God bevat – die Wet wat so baie predikante vandag skynbaar **haat**! Nogtans sê Jesus dat ons moet **leef** volgens hierdie geïnspireerde woord!

Na Sy versoeking deur Satan

begin Jesus die boodskap van God se Regering verkondig. "Van toe af het Jesus begin om te preek en te sê: Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom" (Mattheüs 4:17). Weereens, let asseblief op dat dit *altyd* die boodskap van God se Koninkryk – of *regering* – is wat Jesus verkondig het. Hy toon dat die mense hulle moet **bekeer** van hul weë en hulle moet onderwerp aan daardie regering.

Die volgende drie hoofstukke van Mattheüs bevat wat populêr bekend staan as die "Bergpredikasie". Baie min mense verstaan dit, maar hierdie *hele preek* is gevul met Jesus se aansporing om God se *Wet* te **gehoorsaam**!

Kyk wat sê Mattheüs 5:17 tot 19: "Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul" – dit beteken om dit te *doen* of **uit te voer** en *aan ons 'n voorbeeld te stel*. Jesus vervolg: "Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie" – of om *in werking* te wees, soos die oorspronklike Grieks aandui.

Dan sluit Jesus af: "Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooe breek" [dit dui op die toekoms] – dit maak nie saak watter gebod die mense die minste ag nie – "en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit **doen** en **leer**, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele".

Jesus sê dat solank as wat die hemel en die aarde bly staan, God se Wet **nooit** mee weggedoen sal word nie! Diegene wat in God se

Koninkryk *beloon* sal word sal selfs die "minste" van God se Wet en Gebooe aan ander **leer** en dit **gehoorsaam**!

Is hierdie die ENIGSTE ware evangelie?

Is hierdie boodskap van *gehoorsaamheid* aan God se Wette en voorbereiding vir Sy toekomstige Koninkryk – of wêreld heersende regering – die **enigste** weg na redding? Was 'n deel van hierdie boodskap dalk slegs vir die Jode van Jesus se tyd? Was daar 'n **ander** evangelie voorgestel vir nie-Joodse Christene?

Hier is wat Jesus Christus *beveel* het na Sy opstanding uit die dood: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om **alles** te onderhou *wat Ek julle beveel het*. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen" (Mattheüs 28:19-20). Hier beveel Christus Sy dissipels om die hele wêreld in te gaan en om **presies dieselfde** boodskap van gehoorsaamheid aan God se Koninkryk en Sy Wette te verkondig as wat Hy aan hulle geleer het!

Ons moet ons **bekeer** van ons weë en ons sondes, Christus as ons Verlosser (Redder) en **Heerser aanvaar** en begin om Hom toe te laat – deur Sy Gees – om 'n lewe van gehoorsaamheid in ons te leef, om ons voor te berei vir die *ewige lewe* in God se Koninkryk en om **weer gebore** te word as 'n lid van Sy eie gesin! Hierdie is die **ware** evangelie wat u moet *glo* en *gehoorsaam* ten einde gered te kan word!

Jesus het aan Sy Apostels gesê: "Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die

Vervolg op bladsy 22

Vyf Sleutels tot 'n Suksesvolle Huwelik

Deur Richard F. Ames

Die gesin is die grondslag van 'n gemeenskap. 'n Suksesvolle huwelik bring vreugde aan die uitgebreide gesin en aan die gemeenskap – maar 'n huwelik kan ook uitdagende probleme meebring. Hoe kan u u huwelik verbeter?

Wanneer 'n man en 'n vrou 'n verbintenis aangaan om man en vrou te word, is daar gewoonlik 'n vreugdevolle byeenkoms om die bevestiging van 'n nuwe gesin te vier. 'n Bruilof is 'n vreugdevolle gebeurtenis en gaan dikwels gepaard met musiek, blomme, familie en vriende. Die huwelik is een van die belangrikste gebeurtenisse in 'n persoon se lewe. 'n Formele, openbare verbintenis is die begin van 'n leeftyd saam en die bruid en bruidegom mag selfs die tradisionele woorde soos “in goeie tye of slegte tye, in rykdom of armoede, in gesondheid of siekte totdat die dood ons skei” herhaal.

Indien u beplan om te trou, is u ten volle daarop voorbereid? Indien u alreeds getroud is, hoe vorder u met u verbintenis?

U mag wonder, hoe vaar dit met huwelike op 'n nasionale grondslag? Is hulle stabiel? Is hulle suksesvol? Die egskeidingsyfers gee aan ons 'n aanduiding. In 2001 was daar in die VSA 9.8 huwelike en 4.5 egskeidings vir elke duisend mense. Australië het 6.9 huwelike en 2.52 egskeidings per duisend mense gehad. In die Verenigde Koninkryk was daar 6.8 huwelike en 3.08 egskeidings per duisend mense. Dit beteken dat daar

omtrent een egskeiding vir elke 2.2 huwelike in die VSA en in Engeland was en omtrent een egskeiding per 2.7 huwelike in Australië (*United Nations Monthly Bulletin of Statistics*, April 2001).

Hierdie statistieke voorspel niks goeds vir die stabiliteit van ons samelewing nie. U kan egter die beginsels vir 'n suksesvolle huwelik in u eie lewe toepas.

Ons in die Westerse wêreld behoort ons gesinne en ons huwelike te verstewig. Die stabiliteit en gesondheid van die nasie is grootliks afhanklik van die stabiliteit en gesondheid van die gesin. In baie samelewings word Bybelse waardes by die deur uitgegooi. Ek en u kan egter 'n verskil maak in ons eie gemeenskap en in ons eie gesin. Die Bybel onthul die oorsake van – sowel as die oplossings, vir ons probleme. Dit openbaar ons doelwit sowel as ons lotsbestemming. Die Skepper God is die Een wat die huwelik in die eerste instansie ingestel het. Wanneer u Sy goddelike doel en plan deur ons Verlosser, Jesus Christus, verstaan, sal u die geestelike belangrikheid sowel as die betekenis van die huwelik insien. God beplan om Sy geestelike onsterflike gesin uit te brei. Hy het die menslike gesin

geskep om elkeen van ons voor te berei vir 'n glorieryke toekoms. Die apostel Paulus het geskryf: “Om hierdie rede buig ek my knieë voor die Vader van onse Here Jesus Christus, van wie elke geslag in die hemele en op die aarde sy naam ontvang” (Efesiërs 3:14-15).

God se doel is om 'n geestelike gesin te skep. Daardie inspirerende waarheid behoort ons te motiveer om ons gesins- en huweliksverhoudings te verbeter. Wanneer u God in u huwelik erken, wanneer u die beginsels en strategieë van 'n suksesvolle gesinslewe toepas, kan u u huwelik verryk, verbeter en selfs *red!*

Daar is werklik beproefde Bybelse sleutels tot 'n suksesvolle huwelik. U behoort dit te ken en in u eie huwelik toe te pas. Andersins mag u dit graag wil deel met vriende of familie wat beplan om in die nabye toekoms te trou. Dit mag nou wel nie maklik wees nie, maar die pogings kan tot groot belonings en 'n liefdevolle verhouding lei.

Die eerste sleutel: Gee 100 persent

Die ou gesegde: “Die huwelik is 'n 50-50 proposisie” is **geheel en al verkeerd!** Die sogenaamde moderne, verligte, professionele mense mag sê: “Onafhanklikheid is

ons prioriteit. Ons sal met ons verstand ooreenstem om saam te werk, maar ek behou nog my persoonlike ontsnaproete ingeval dinge nie uitwerk nie". 'n Mens behoort te vra: Wat is dan die **r a a m w e r k v a n o n s** huweliksverbintenis? Is dit wedersydse gerief? Of, is dit 'n verhouding wat op die Bybel gebaseer is en in diepte en karakter sal groei vir die res van ons lewens? Wat sê die Bybel? Kyk na hierdie vers wat fundamenteel is vir gelukkige verhoudings en vir die karakter wat ons benodig vir alle ewigheid: "Ek het julle in alles getoon dat ons ... die woorde van die Here Jesus moet onthou, dat Hy gesê het: Dit is saliger om te **gee** as om te **ontvang**" (Handelinge 20:35). Of, soos dit in die Nuwe Vertaling gestel word: "Onthou die woorde van die Here Jesus. Hy het self gesê: Om te gee maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang".

Een van die grootste gawes wat u kan gee, is u tyd! Jare gelede toe ek nog baie aktief was in sport, was ek geneig om my vrou af te skeep met die tyd wat ons saam kon deurbring. Ek onthou nog die keer toe ek my voorgeneem het om tyd aan haar af te staan vir 'n spesiale aktiwiteit wat aan haar plesier sou verskaf. Sy wou graag op 'n kanovaart gaan – dit was nie my gunsteling aktiwiteit nie – maar ons het op 'n Sondagnamiddag op 'n kanovaart gegaan op 'n meer in Oos-Texas waar ons omring was deur dennebome, blou lug, watervoëls en rustigheid! Wat ek as 'n opoffering van my tyd beskou het, het ons verhouding verinnig – my vrou het die aktiwiteit geniet en my poging waardeur. Soos Jesus sê: "Dit is saliger om te gee as om te ontvang".

Ware liefde is om te gee sonder om iets terug te verwag. Wanneer

twee persone elk **100 persent** gee, is daar 'n sterk band, 'n sterk oorvleueling wat buigsaamheid sal waarborg asook die vermoë om die mas op te kom in krisis en probleme. Indien 'n 50-50 opsie aanvaar word, waarborg dit 'n ingeboude swak skakel in die verhouding!

God se leefwyse is die **gee**-manier – die volwasse benadering tot die lewe en huwelik. Die Bybel beveel ook mans en vroue om op seksuele gebied aan mekaar te gee. In die eerste eeu het die apostel Paulus hierdie opdrag gegee aan die nie-Joodse Christelike bekeerlinge wat in die seksueel-losbandige stad Korinthe gewoon het: "Maar vanweë die hoererye moet elke man sy eie vrou hê, en elke vrou moet haar eie man hê. Die man moet aan die vrou die verskuldigde welwillendheid bewys, en net so ook die vrou aan die man. Die vrou het nie mag oor haar eie liggaam nie, maar die man; en net so ook het die man nie mag oor sy eie liggaam nie, maar die vrou. Onttrek julle nie aan mekaar nie, behalwe met wedersydse ooreenstemming vir 'n tyd lank om julle aan vas en gebed te kan wy; en kom weer bymekaar, sodat die Satan julle nie in versoeking bring deur julle gebrek aan selfbeheersing nie" (1 Korinthiërs 7:2-5).

Is u gewillig om hierdie opdrag uit te voer? Bewys u liefde aan u huweliksmaat? Eenvoudige drukkie en soentjies wanneer u werktoe gaan of wanneer u terugkeer, is **belangrik**. 'n Duitse versekeringsmaatskappy het 'n paar jaar gelede 'n verslag die lig laat sien en daarin tot die gevolgtrekking gekom dat mans wat hul vrouens elke dag soen, minder geneig is om ongelukke te maak en oor die algemeen

finansiëel ook meer suksesvol is as mans wat hul vrouens nie elke dag soen nie. Ek maak dus seker dat ek my vrou elke dag soen voor ek werktoe gaan. Een dag het ek vergeet en met my motor agteruit teen 'n boom vasgery. Nodeloos om te sê, sedertdien maak ek seker dat ek haar elke oggend soen!

In sy kommentaar oor die probleem van selfsugtigheid, skryf Dr. John A. Schindler: "Die enigste persoon wat in staat is tot ware toegeneentheid, is die persoon wat homself en sy eie, onmiddellike belange kan vergeet terwyl hy die belange en welvaart van iemand anders eerste plaas. Wanneer beide huweliksmaats dit kan doen, sal hulle geen huislike of seksuele probleme ondervind nie" (*How to Live 365 Days a Year*, bl. 142).

Hoeveel mans en vrouens beoefen hierdie beginsel? Hoeveel **Christelike** mans en vrouens beoefen werklik hierdie beginsel?

Die tweede sleutel: Eer en respekteer u huweliksmaat

Waardeer u werklik u gade? Respekteer u hom of haar as 'n menslike wese wat na die beeld van God geskape is? Lees wat God se opdrag is aangaande ons verhouding met andere: "Moenie iets doen uit selfsug of uit ydele eer nie, maar in nederigheid moet die een die **ander hoër ag** as homself" (Filippense 2:3).

Ja, u behoort u huweliksmaat te waardeer – hoër te ag as uself. Vir ydele, self-bevredigende individue, mag dit heeltemal te verouderd klink, maar dit is 'n lewende wet. Bekeer u dus van selfsugtige ambisies en verwaandheid. Verander u gesindheid. Waardeer u huweliksmaat as 'n potensiële kind van God. Soos die spreekwoord sê: "Moet u nie verknies oor klein,

Vervolg op bladsy 14

Europese Unie: Veranderings Vorentoe?

Deur Douglas S. Winnail

Wat hou die 21ste eeu in vir Europa? Hoe sal veranderings in Europa ons wêreld beïnvloed? Bybelprofesieë onthul die toekoms!

In Maart 2007 het die Europese Unie sy 50ste herdenking gevier en al sy suksesse en prestasies in oënskou geneem. Sedert die Verdrag van Rome in 1957 onderteken is het Europa 'n einde gemaak aan die verdeling wat die Koue Oorlog tot gevolg gehad het, die grense oopgegooi, 'n gemene mark ingestel, 'n enkele geldeenheid en 'n Europese Bank verkry, 'n Europese hof ingestel, die welvaart van sy burgers verbeter en bykans vyf dekades van vrede beleef. Vandag is oorlog so-te-sê “ondenkbaar” binne die grense van die Europese Unie – dit het die wêreld se grootste interne mark en is 'n belangrike bron van finansiële hulp aan baie lande. Ten aanskoue van al hierdie prestasies, beskou sommige mense die Europese Unie as 'n kragtige mag ten goede en 'n unieke model wat die wêreld sal transformeer in 'n “Nuwe Europese Eeu” (*Why Europe Will Run the 21st Century*, Leonard, bl. 4, 19). Die voormalige Duitse Kanselier, Helmut Kohl, het egter gesê die 21ste eeu “behoort aan die Duitsers” en Amerikaanse strateë voorsien weer dat Amerika se invloed sal strek tot ver in die 21ste eeu. Ander voorsien weer dat soos hierdie eeu ontvou China en Indië groter rolle op die wêreldverhoog sal speel.

Wat hou die toekoms egter *werklik* in vir Europa en die lande met wie hierdie historiese kontinent

'n raakvlak het? Sal die Europese Unie die vernaamste agent wees wat 'n nuwe wêreldwye tydperk van “vrede, voorspoed en demokrasie” inlei (Leonard, bl. 7)? Sal Europa se liberale maatskaplike model, sy wêreldse samelewing en neiging om stringe wetlike regulasies te genereer, die basis voorsien vir 'n brawe nuwe wêreld van die toekoms? Of, sal die dae wat binnekort voorlê 'n *algehele transformasie* sien van die Europese eksperiment wat selfs die geheimsinnige burokratiese beplanners in Brussels sal *verbaas*? Terwyl die bouers van “Europa” geen bloudrukke publiseer nie en beweer dat “Europa 'n reis is met geen finale bestemming nie” (Leonard, bl. 10), het Bybelprofesieë lankal aangedui wat vir Europa voorlê terwyl ons die eindtyd nader, soos die Skrif daarna verwys (Mattheüs 24:3). Dit is nodig dat u die kritieke gebeure verstaan wat op die punt staan om Europa *radikaal te verander* asook die wêreld waarin ons leef!

'n Brose Unie

Gedurende die afgelope vyftig jaar het die argitekte van die Europese Unie gepoog om die uiteenlopende nasies van Europa saam te bind deur talle verdrae en derduisende regulasies wat ontwerp is om 'n “dieper en hegte unie” daar te stel. Die Europese

Unie is egter die produk van die *politieke elite* wat *gefaal* het om die harte en verbeelding van die deursnee persoon in Europa daarby te betrek. Bykans die helfte van die bevolkings van die 27 lidlande van die Europese Unie is *negatief ingestel* teenoor die projek (*BBC Nuus*, 25 Maart 2007) – insluitend die bevolking van Duitsland. Baie min van die inwoners het die moeite gedoen om te gaan stem vir die kandidate wat in die verkiesings vir die Europese Parlement gestaan het. In 2005 het die burgers van Frankryk en die Nederlande – twee van die stigterslede – die voorgestelde Europese Konstitusie *oortuigend verwerp*. Alhoewel die elite agter die Europese Unie die hoop koester om Europa in staat te stel om uit een mond te praat sodat die Unie 'n groter rol op die wêreldterrein kan speel, word Europese spitsberade dikwels gekwel deur persoonlike konfrontasies tussen Europa se nasionale politieke leiers en deur vurige verdediging van nasionale belange – ten spyte van die baie retoriek oor “gedeelde” soewereiniteit. Die interne verdeeldheid binne die Europese Unie word beklemtoon deurdat die Europese Parlement – wat vergelyk word met 'n “moderne toring van Babel” – bykans een miljard euro jaarliks aan vertaaldienste spandeer omdat elkeen van die 27 lidlande daarop aandring dat sy taal

amptelike erkenning moet geniet. Die Europese baanbreker vervaardiger van die passasiersvliegtuig, Airbus, is nog 'n voorbeeld van die slaggate en probleme wat “gedeelde” soewereinitiet meebring. Airbus, wat as teenvoeter geskep is vir die Amerikaanse lugreus, Boeing, en op 'n keer opgehemel is as die ideale model van Europese samewerking, het gesukkel as gevolg van die *vernietigende wedywering* tussen die Franse en Duitse bestuursgroepe en die onstabiele openbare/private struktuur daarvan (*economictimes.indiatimes.com*, 5 Maart 2007).

Lank gelede het God aan die profeet Daniël 'n toekomsblik gegee. Daniël het gesien sien dat daar aan die einde van hierdie era, 'n Europese moontheid met historiese bande wat terugstrek tot die antieke Romeinse Ryk, na vore sal tree. Hierdie eindtydse politieke entiteit word uitgebeeld as die voete van 'n reuse beeld – die voete wat gemaak is uit 'n *mengsel van yster en klei* – “'n gedeelte ... sal hard en 'n gedeelte sal bros wees ... hulle sal nie aanmekaar vasklewe nie” (Daniël 2:40-43). Dit is presies wat ons vandag in Europa sien gebeur – 'n potensieel magtige, maar brose unie van nasies wat probeer om soewereiniteit te deel, maar nogtans onwillig is om enige nasionale voordeel prys te gee. Bybelse profesieë toon aan dat hierdie reëling *kort van duur* sal wees en sal *beëindig* word deur die Wederkoms van Jesus Christus – dit sal *nie* die 21ste eeu oorheers nie (Daniël 2:44-45).

Verrassings agter geslote deure

Vanaf sy ontstaan het die argitekte van Europese eenheid onder 'n dekmantel van

geheimhouding gewerk. Vergaderings word gehou en besluite word geneem – gewoonlik agter geslote deure en hoofsaaklik deur nie-verkose amptenare. Hierdie gebrek aan deursigtigheid het gedien om beduidende dele van die nasionale bevolkings te vervreem. Wanneer kiesers gevra word om hul mening oor 'n saak uit te spreek en hulle verwerp die besluit wat die Europese Unie goedgekeur wil hê (soos die Europese Grondwet), word hulle eenvoudig gevra om *weer te stem* – totdat hulle die regte stem uitbring! Dit maak in werklikheid enige verkiesing betekenisloos – tensy dit die regte resultaat lewer! Dit stuur ook 'n boodskap aan die deursnee Europeërs dat hulle opinie nie werklik saak maak nie, omdat hulle politieke leiers in elk geval gaan doen wat hulle wil. Deesdae word beraam dat tussen 50 en 80 persent van die wette wat deur nasionale parlemente uitgevaardig word, hul oorsprong in Brussels gehad het en dat nasionale parlemente slegs maar as “rubberstempels” dien vir wetgewing wat deur die Europese burokrate gegeneer is. Hierdie proses bevorder belangeloosheid en ontmoedig die mense in Europa om aktief belang te stel in die sake van die Europese Unie. Terwyl die Europese politieke leiers van demokrasie praat, berus die *werklike mag* van die Europese Unie nie by die mense nie, maar eerder by nie-verkose burokrate in Brussels en by die nie-verkose lede van die Europese Hof. Selfs die onlangse pogings om die Europese Konstitusie weer te laat herleef, is gedoen in private besprekings tussen Angela Merkel en individuele nasionale afgevaardigdes. Dit is gedoen in plaas daarvan om openbare debatte te voer oor hierdie wesentlike aangeleentheid wat die

lewens van alle Europeërs sal raak.

Wat die argitekte van die Europese Unie geskep het is 'n regerings- en administratiewe struktuur wat in die geheim agter geslote deure planne maak en besluite neem deur onverkose amptenare wat nie verantwoording hoef te doen aan die mense wat hulle veronderstel is om te dien nie. Dit is 'n sisteem wat die *potensiaal* het om vir ander doeleindes *gekaapte kan word* wat dan in 'n heel *ander rigting* geneem kan word as waarheen baie mense veronderstel het waarheen dit oppad is. Die Bybel profesieë beskryf hierdie eindtydse politieke sisteem as 'n dier (Daniël 7:7; Openbaring 13:1-10), wat die wêreld in werklikheid sal *verras* wanneer dit in sy finale vorm sal herleef (Openbaring 13:3). Die Skrif dui aan dat hierdie politieke dier in Europa sal *verry* as 'n verdraagsame onderneming wat vrede sal bevorder, maar dat dit uiteindelik sal *verander* in 'n baie *meer onverdraagsame*, militaristiese dier wat Christene sal vervolg wat in die Bybel glo (Daniël 11:36-39; Openbaring 13:14-15). Dit is wat Bybel profesieë aandui wat vir Europa voorlê!

Duitsland se Verskyning

Die Europese Gemeenskap was aanvanklik deur Franse beplanners bedink as 'n manier om Duitsland aan Europa te bind en te verhoed dat dit ooit weer die kontinent sal oorheers. Die laaste klompie dekades het egter die opkoms van 'n nuwe, verenigde, *voorspoedige en meer aanmatigende* Duitsland gesien, wat nie langer tevrede is om slegs 'n ondergeskikte rol in Europa te speel nie. Die Europese Unie was Duitsland se *pad na rehabilitasie* na die rampe en neerlae van twee Wêreldoorloë. Die Duitse ekonomie

is nou die sterkste in Europa. Duitse Kanselier Angela Merkel dien as die President van die Raad van die Europese Unie vir die eerste ses maande van 2007 asook as die President van die G-8 (leidende geïndustrialiseerde lande) vir die hele 2007. Sy is al die magtigste vrou in die wêreld genoem (nog meer as die VSA se Staatssekretaris, Condoleeza Rice), en is weens haar diplomatieke vaardighede deur die Duitse media uitgebeeld as die “Koningin van Europa” (www.spiegel.de, 12 Maart 2007).

Die herrese Duitsland het ook gevra vir die daarstelling van 'n Europese weermag met 'n enkel verenigde beheersentrum – oënskynlik vir verdediging teen terrorisme en vir vredesendings in die buiteland – en het al idees geopper omtrent Duitsland wat sy eie kernwapens ontwikkel – weereens vir verdedigingsdoeleindes (www.telegraph.co.uk, 27 Januarie 2006). Die Duitse weermag ondergaan tans 'n grootskaalse herstrukturering-program om 'n blitsige reaksiemag op die been te bring wat enige plek in die wêreld ontplooi kan word. Terselfdertyd poog die Europese Unie om 'n Europese Kusweg tot stand te bring wat in staat sal wees om vaartuie te stop en te deursoek (wat sommige vrees 'n Europese vloot “deur die agterdeur” is). Duitsland, Italië en Griekeland het almal nuwe, vakstandige aanvalsd u i k b o t e b e s t e l (www.telegraph.co.uk, 21 Mei 2006; naval-technology.com, 14 Maart 2007). In die afgelope jare het Duitsland begin om troepe te stuur om te dien op sendings in Afganistan, die Midde-Ooste en in Afrika – waar hulle werklike gevegsondervinding opdoen.

Binne die Europese gebied het Duitsland 'n voorkeur-posisie verwerf. Die enkele geldeenheid

van Europa (die euro) is geskoei op die deutschemark. Die Europese Sentrale Bank is geleë in Frankfurt, Duitsland. 'n Duitse finansiële firma het onlangs probeer om die Londense Aandelebeurs oor te neem. Duitsland is die grootste finansiële bydraer tot die Europese Galileo satelietprojek (wat sal kompeteer met die Amerikaanse GPS-stelsel) en die Duitsers het daarin geslaag om die hoof kontrolestelsel van die satelietstelsel naby Munich, Duitsland, geplaas te kry (euobserver.com, 6 Desember 2005). Duitsland het ook sy plan aangekondig om 'n sending na die maan te stuur om die minerale bronne daarvan na te vors – “sonder die hulp van sy Europese bure” (www.spiegel.de, 12 Maart 2007).

Die opgang van Duitsland as 'n leidende moondheid in Europa *hou ook konsekwent verband* met Bybelse profesieë aangaande die eindtyd. Die Skrif dui aan dat die Assiriërs (die moderne Duitse nasie; vir meer oor hierdie onderwerp moet u asseblief ons gratis herdrukte artikel, *'n Vierde Reich?*, aanvra) aan die einde van hierdie tydvak 'n belangrike rol sal speel as 'n instrument in God se hande (Jesaja 10:5-14) om Sy afvallige volke wat *gefaal* het in hulle Godgegewe roeping om “ligte vir die wêreld” te wees (Deuteronomium 4:1-10; vir meer oor hierdie onderwerp moet u asseblief ons gratis boekie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje*, asook *Suid-Afrika?*, aanvra) tereg te wys. Moderne Duitsland is voorwaar besig om in hierdie posisie as instrument in God se hand, wat lankal voorspel is, in te beweeg!

Oorspronklike Godsdienst herleef

Moontlik die mees ontnugterende opmerking wat in die afgelope jare van 'n Duitser gekom het was die Minister van Kultuur, Bernd Neumann, se verklaring: “Die Middeleeuse, dwarsoor Europa Duitse Reich (Die Heilige Romeinse Ryk van die Duitse Nasie in die Middeleeue) is huidige 'n *toepaslike model* vir die unie van Europese lande ... [en] 'n toepaslike model vir die funksionering van 'n superstaat” (www.german-foreign-policy.com, 1 September 2006). Die Heilige Romeinse Ryk was 'n multinasionale, multi-etniese samestelling wat sentraal Europa (groot dele van Duitsland, Oostenryk, Italië, Frankryk, Switserland, die Nederlande en die Tsjeggiese Republiek) vir meer as 800 jaar gedomineer het. Die Heilige Romeinse Ryk was saamgesnoer deur die *gesamentlike invloed van beide die kerk en staat*. 'n Keiser wat deur die pous in Rome gekroon was, was aan die hoof daarvan. Dit moet nog gesien word watter soort verwantskap sal ontwikkel tussen Pous Benediktus XVI, die eerste Duitse pous in meer as 'n duisend jaar en Angela Merkel, wat bevorder is tot “Koningin van Europa”. Hulle het reeds ontmoet en *albei huldig* die idee dat godsdiens 'n meer prominente rol behoort te speel in die vereniging van Europa.

Vir dekades het die pouse in Rome die samestelling van 'n Verenigde Europa bevorder. Hulle het die dienste van die Roomse Kerk aangebied om te help om die uiteenlopende volke en nasies van Europa saam te snoer. Pous Benediktus en sy voorgangers het ook gepraat van die noodsaaklikheid om moderne, wêreldlike Europa te “her-evangeliseer”. Trouens, dit was

Pous Johannes Paulus II wat, toe hy gepraat het in Santiago de Compostella – die plek waar die herowering van Spanje van die Moslems af begin het – die Europeërs aangemoedig het “om hul [godsdiensstige] wortels te ontdek”. Hierdie oproep tot terugkeer na Europa se Rooms-Katolieke godsdiensstige wortels was vir dekades 'n herhalende tema in pouslike toesprake. Angela Merkel was ook 'n voorstander (saam met leiers van Pole, Spanje, Italië en Oostenryk – almal oorwegend Rooms-Katolieke lande) om 'n duidelike verwysing na Europa se Rooms-Katolieke erfenis in te sluit in die Europese Konstitusie.

Bybelse profesieë toon duidelik aan dat, soos wat die einde van

hierdie tydvak nader, Europa die *herlewing* van 'n politieke stelsel wat historiese bande het met die antieke Romeinse Ryk, sal sien (Openbaring 17:10). Baie leiers wat betrokke is by die samestelling van 'n verenigde Europa het openlik erken dat hulle poog om die eenheid van die Romeinse Ryk weer te herskep. Die Skrif dui ook aan dat hierdie politieke stelsel sy historiese bande met die Rooms-Katolieke Kerk *weer sal laat herleef* en dat 'n invloedryke godsdiensstige figuur die vernaamste rol sal speel in hierdie proses (Openbaring 17:1-7). Dit is geprofeteer dat hierdie godsdiensstige figuur bonatuurlike magte sal gebruik om mense te oortuig om hierdie Europese politieke “dier” te volg (Openbaring 13:11-15; 2 Thessalonicense 2:1-

12). Bloeiende beelde en visioene van die Maagd Maria wat op heuwels en geboue verskyn, kan moontlik 'n *voorsmaak* wees van die tipe “wonders” wat aan die kom is.

Die huidige Europese Unie bestaan uit 27 nasies. Tensy die Europese nasies egter kan saamstem oor die hervormings wat vervat is in die Konstitusie, mag die Unie nie in staat wees om op 'n doeltreffende wyse te funksioneer nie. Die Franse ondervind alreeds moeite om aan te pas by die toenemend oorheersende rol wat Duitsland speel. Die uitbreiding van die Unie na Oostelike Europa ('n gebied tradisioneel onder Duitse invloed) verswak die Franse vermoë nog verder om die toekomstige rigting van die Unie te

Vervolg op bladsy 26

Die Dier van Openbaring

Waarheen lei wêreldgebeure?

Gaan 'n wêrelddiktator binnekort sy verskyning maak?

Presies wie – of wat – is die DIER?

Gaan u sy berugte MERK ontvang?

Die ongelooflike ANTWOORDE word hier gegee!

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoorde op hierdie vrae te kry!

Vervolg vanaf bladsy 9 – Vyf Sleutels tot 'n Suksesvolle Huwelik

onbelangrike goedjies nie". Wees bedag op en waardeer die positiewe waardes wat u in mekaar vind! Indien u u huweliksmaat misbruik of mishandel het, hetsy fisies of verbaal, **behoort u u daarvan te bekeer!** U behoort u voor God te verootmoedig en Hom om vergifnis te smee en u behoort u huweliksmaat om verskoning te vra! Ek weet dat dit soms moeilik is om te sê: "Ek is jammer". 'n Verskoning kan egter heelwat doen om 'n verhouding te genees en te herstel!

Hoe bewys u agting en respek aan u gade? Daar is baie maniere, soos die gee van 'n spesiale geskenk, deur sorgvuldig te luister, dankbetuiging en algemene bedagsaamheid in u woorde en stemtoon.

Hoe geduldig is u met u gesin? Geduld is ook 'n manier om liefde te betoon, soos ons uit 1 Korinthiërs 13, die sogenaamde "liefdeshoofstuk", leer. Ons lees: "Die liefde is lankmoedig en vriendelik; die liefde is nie jaloers nie; die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie, handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, word nie verbitterd nie, reken die kwaad nie toe nie, is nie bly oordie ongeregtigheid nie, maar is bly saam met die waarheid. Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles. Die liefde vergaan nimmermeer" (1 Korinthiërs 13:4-8). Lees gerus die hele hoofstuk. Bid dat God aan u die vermoë sal skenk om volgens daardie eienskappe te leef en volgens daardie eienskappe te groei.

U kan u huwelik verbeter deur te luister, begrip te hê asook deur vir mekaar ruimte te gee. U kan u huwelik verbeter deur eer en respek aan u huweliksmaat te betoon! Kyk na hierdie uiters belangrike opdrag

wat God aan die mans gee: "Net so moet julle, manne, verstandig met hulle [julle vrouens] saamlewe en aan die vroulike geslag, as die swakkere, eer bewys, omdat julle ook mede-erfgename van die genade van die lewe is – sodat julle gebede nie verhinder mag word nie" (1 Petrus 3:7).

God beveel die man om sy vrou te **eer**. Hou in gedagte, u is beide "mede-erfgename van die genade van die lewe". Die heel belangrikste sleutel is waarskynlik om te verstaan hoe God waarde heg aan elke menslike wese, insluitende u huweliksmaat, ongeag u opinie van hom of haar. Elke menslike wese op hierdie aarde het die potensiaal om in die geestelike gesin van God ingebore te word as 'n verheerlikte, onsterflike kind van God. Die apostel Paulus herinner ons aan God se plan vir ons: "Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige" (2 Korinthiërs 6:18).

Die derde sleutel: Stel 'n positiewe voorbeeld

Die apostel Petrus gee opdrag aan Christene om 'n goeie voorbeeld te stel, selfs vir hulle nie-Christen huweliksmaats: "Net so moet julle, vroue, aan jul eie mans onderdanig wees, sodat, as sommige aan die woord ongehoorsaam is, hulle ook deur die wandel van die vrou sonder woorde gewin kan word as hulle jul reine, godvresende wandel aanskou het" (1 Petrus 3:1-2).

Onthou dat u nie 'n ander persoon teen sy of haar wil kan verander nie, maar u kan uself verander. Ons het almal Godgegewe verantwoordelikhede in ons huwelik en gesin. God sê aan

die mans: "Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het" (Efesiërs 5:25). Vervul u, as die man, u godgegewe verantwoordelikhede? Sommige mans en vrouens plaas groot klem op hul oordeel van hulle huweliksmaats se gedrag, om hul eie gebrek aan getroue diens te verontskuldig. Onthou, ons sal almal voor die regterstoel van Christus staan, soos ons vertel word in Romeine 14:10. Maak seker dat u u eie, Godgegewe verantwoordelikhede as man of vrou nakom!

Jare gelede het die *Tomorrow's World*-tydskrif se Hoofredakteur, Roderick C. Meredith, twee baie nuttige artikels geskryf waarin hy eggenote en eggenotes se verantwoordelikhede in die huwelik uitgespel het. Sy artikel "*What All Husbands Need To Know!*" het my besonder gehelp in my huwelik van meer as 40 jaar. Kortliks opgesom: 'n Eggenoot het vyf areas van verantwoordelikhede teenoor sy vrou: Liefde en respek, ondersteuning en aanmoediging, leierskap en leiding, hulp en beskerming en inspirasie om te groei (*Plain Truth*, Junie 1966).

'n Paar maande voor dit het hy 'n soortgelyke artikel geskryf: "True Womanhood – Is It a Lost Cause?", waarin die vereistes uiteengesit word wat 'n vrou sal help om haar eggenoot en die hele gesin by te staan. Daardie areas is: Meegevoel en dienslewering, teerheid en skoonheid, intelligensie en begrip, Christelike deugsamheid en geloof, hoop en moed (*Plain Truth*, November 1965).

Wanneer ons hierdie Bybelse karaktereenskappe in ons lewens toepas, verryk ons die lewens van andere en ons versterk daardeur

ons huwelik en gesin.

Die boek Titus sit die Bybelse verantwoordelikhede van Christelike vrouens uiteen en verduidelik dat ouer vroue “jong vroue kan leer om versigtig te wees, [en] hulle mans en kinders lief te hê” (Titus 2:4). Vervul u as vrouens en moeders wat hierdie artikel lees, u Godgegewe verantwoordelikhede? Indien u dit doen, sal u 'n positiewe voorbeeld vir u man wees. God sal u pogings seën indien u Hom in u huwelik erken en Jesus Christus versoek om Sy lewe in u te leef. Streef daarna om met God se hulp, die beste eggenoot of eggenote te wees wat u kan wees.

Die vierde sleutel: Kommunikeer in liefde

Hoe dikwels vind ons paartjies

wat in hul gesprekke nie op mekaar ingestel is nie? Effektiewe kommunikasie beteken om effektief te luister sowel as om te praat. Ons behoort te luister om te verstaan – probeer om die ander persoon se standpunt te verstaan. Probeer om die ander persoon se gevoelens en behoeftes te verstaan! Betoon respek deur u volle aandag te gee.

Die apostel Paulus gee aan ons 'n grondliggende beginsel om doeltreffend te kommunikeer, “terwyl ons in liefde die waarheid betrag, [sodat ons] in alles sou opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus” (Efesiërs 4:15). Sommige mense praat die waarheid in haat, maar Christene wat na volwassenheid streef in Christus sal ag gee op die uitwerking wat hul woorde kan hê op diegene wat na hulle luister.

Wanneer u met u gade praat, openbaar u bedagsaamheid en besorgdheid? Kommunikeer u met respek? Ons behoort sekerlik geduldig te wees met mekaar, want “die liefde is lankmoedig en vriendelik” (1 Korinthiërs 13:4). Die Nuwe Vertaling sê: “Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik”. Praat altyd bewustelik die waarheid in liefde!

In ons dolle lewens mag die huweliksmaats elkeen sy eie koers inslaan en selde tyd vind om met mekaar te praat. Sommige studies het getoon dat baie paartjies gemiddeld minder as 20 minute per week in mekaar se geselskap deurbring! Skrywers Leonard en Natalie Zunin stel 'n vierminuut-reël voor om munt te slaan uit die kort tydies wat u saam mag hê. Hulle wys daarop dat die sukses of

Bou 'n VREUGDEVOLLE huwelik

Daar is werklik “sleutels” en beginsels wat die toets van die tyd deurstaan het en wat wel tot 'n VREUGDEVOLLE huwelik kan lei.

Sukses in 'n huwelik hang af van ons gewilligheid om hierdie sleutels TOE TE PAS in ons lewens.

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoorde op hierdie vrae te kry!

mislukking van 'n huwelik kan afhang van wat tussen man en vrou in slegs agt minute per dag gebeur: Vier in die môre wanneer hulle wakker word en vier in die aand wanneer hulle herenig na die dag se werk" (*Contact: The First Four Minutes*, bl. 133).

Die Zunins wys korrek daarop dat u taalgebruik, gesindheid of manier van praat aan die begin van die dag, u hele verhouding kan beïnvloed. Leer om in die eerste vier minute wanneer u saam is aan die begin van die dag, uitdrukking te gee aan 'n positiewe, liefdevolle gesindheid. Indien u moeite doen, sal u 'n toevallige argument of onnodige grief wat die hele dag kan duur, vermy. Gee ook spesiale aandag wanneer u aan die einde van die dag weer bymekaar kom. Selfs al is u moeg, sal 'n positiewe woord van aanmoediging of waardering – 'n drukkie of 'n soentjie, kan vir die hele aand 'n groot verskil aan u verhouding maak.

Sleutel 5: Bid saam

Baie van u wat hierdie artikel lees, mag getroud wees met iemand wat nie 'n gelowige is nie. Indien wel, sal u nie in staat wees om **saam met** u gade te bid nie – maar u kan **vir** u gade bid én vir 'n

suksesvolle huwelik! Soos voorheen genoem, kan u 'n Christelike voorbeeld vir u lewensmaat stel. Die Skrif gee hierdie opdrag aan vrouens wat nie-Christen mans het: "Net so moet julle, vroue, aan julle eie mans onderdanig wees, sodat, as sommige aan die woord ongehoorsaam is, hulle ook deur die wandel van die vroue sonder woorde gewin kan word" (1 Petrus 3:1). U liefdevolle, toegeeflike, Christelike voorbeeld kan ver strek om 'n positiewe invloed op u lewensmaat uit te oefen. Let wel, die klem val op u gedrag, **nie** op u poging om u lewensmaat in u geloof in te argumenteer nie!

Indien u en u gade egter albei bid, kan u natuurlik saam bid. Wanneer ek en my vrou saam bid, begin ek gewoonlik die gebed en raak na 'n rukkies aan my vrou. Sy sal dan verder bid en wanneer sy klaar is, sal ek ons gesamentlike gebed afsluit. Dit is wonderbaarlik hoe intieme en persoonlike gedagtes na vore kom in ons gedeelde gebede. Op hierdie wyse deel ons met mekaar en met ons God.

Een van my vrou se geliefkoosde uitdrukkings is: "Laat ons daarvoor bid". Ek waardeer haar gewilligheid om God in ons huwelik te betrek en ook in ons

gesamentlike lewe. Ons behoort almal God en ons Verlosser in elke aspek van ons lewens te erken. Die Skrif vermaan ons: "Vertrou op die HERE met jou hele hart en steun nie op jou eie insig nie. Ken Hom in **al jou weë**, dan sal Hý jou paaie gelykmaak" (Spreuke 3:5-6).

'n Huwelik verg werk, opoffering en voortdurende vertroeteling om suksesvol te wees. Dit beteken om alles te gee in die nakoming van u Godgegewe verantwoordelikhede as man of vrou. Daar sal struikelblokke, verskille en selfs geskille wees, maar, met God se hulp kan u u huwelik verbeter – u kan selfs u huwelik red indien dit in gevaar verkeer!

Vra God om u te help om hierdie beginsels in u lewe toe te pas. Onthou net, u kan nie u gade dwing om te verander nie – u kan slegs uself verander. U voorbeeld van liefde en diens kan egter 'n geweldige invloed op u lewensmaat uitoefen. Onthou ook dat u dit nie op u eie kan doen nie. U benodig die hulp van u Verlosser in u eie lewe. Soos die apostel Paulus geskryf het: "Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee" (Filippense 4:13). Mag God u, u huwelik en u gesin seën namate u strewe om volgens Sy woord te lewe! 

Wat is 'n ware Christen?

Daar is meer as 400 sektes en godsdienstige organisasies wat hulself "Christelik" noem! Tog het hulle almal basiese verskille.

Sal Jesus die organisasies herken wat Sy naam vandag gebruik? Hoe kan u vir seker weet wat 'n ware Christen is?

Skryf in of skakel ons vir u eie kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoord op hierdie vraag te kry!

Het hulle tevergeefs gesterf?

Deur Dibar Apartian

“Irak? Presies waar is Irak miskien?” is 'n vraag wat baie Amerikaners voor 11 September 2001 sou kon vra. Baie min van hulle sou in staat wees om Irak se hoofstad, Bagdad, te identifiseer.

Vandag, na die koalisie-inval gelei deur die VSA, is beide Irak en Bagdad deel van ons daaglikse woordeskat – tesame met die voortdurende tragiese berigte van dood en verwoesting. Wie sou kon dink dat vier jaar later, teen 1 Junie 2007, meer as 3 470 Amerikaanse soldate hulle lewens sou gee vir 'n doel wat baie mense nie verstaan het nie – en wat die meeste Amerikaners vandag ook nie verstaan nie? Ongelukkig moet by daardie syfer ook meer as 25 200 jong Amerikaanse soldate getel word, eens gesond en sterk, vol hoop en drome vir 'n toekoms wat hulle nooit sal hê nie en wat nou op die lys van gewondes is – die meeste van hulle lewenslank.

Waarom? Daardie vraag is al miljoene kere deur die geskiedenis heen gevra maar het onbeantwoord gebly en sal steeds onbeantwoord bly so lank as wat mense die regte Lewenswyse, wat deur liefde aangetoon word, God se liefde, minag. Intussen, onder Satan se onderduimse regering, pluk ons die vrugte van die mens se onmenslikheid teenoor sy medemens.

Ek is nie 'n gebore Amerikaanse burger nie. Ek het my burgerskap bekom na my immigrasie, ongeveer vyf dekades gelede. Ek het dit toe – net soos nou nog steeds – as 'n groot voorreg en seën beskou om 'n Amerikaner te wees. “Die Verenigde State is die smeltkroes waar mense van alle volkere een nasie vorm”, is daar aan my gesê toe ek my toets vir burgerskap geslaag het. Vandag, met die voortdurende agteruitgang van ons kultuur en van ons waardes, is dit beswaarlik nog waar. Die smeltkroes smelt nie meer nie. Ons is in baie opsigte onder onself verdeeld.

Het u al ooit 'n Amerikaanse begraafplaas oorsee gesien? Daar lyk die verdeeldheid nie so groot nie. Weet u dat daar 'n hele paar Amerikaanse begraafplase in Europa is waar derduisende jong Amerikaanse soldate duisende myle van hulle huise, gesinne en vriende af begrawe lê – byna vergete deur diegene vir wie hulle hul lewens opgeoffer het?

Byna 20 jaar gelede – in April 1988 – het ek na

Europa teruggekeer as 'n redakteur van die *Plain Truth*-tydskrif, en het ek een van daardie begraafplase in Saint-Avold Frankryk, nie te ver van Duitsland af nie, besoek. Die artikel wat ek toe oor my besoek geskryf het, was getiteld “*Did They Die in Vain?*” Daardie vraag bly vandag nog steeds net so betekenisvol soos wat dit toe was en tot op hede kan ek beswaarlik my emosies beheer wanneer ek dink aan die reuse opoffering wat daardie Amerikaanse soldate gemaak het.

Slegs die dowwe geplof van 'n ligte reëntjie het die stilte verbreek by die Amerikaanse begraafplaas in Saint-Avold Noord-Frankryk, waar ek boaan die hooftrap van die Gedenkgebou gestaan het.

Die gronde van die begraafplaas strek oor meer as 113,5 akker en bevat 10 489 grafstene – byna almal in die vorm van 'n kruis, behalwe 200 wat in die vorm van die tradisionele Ster van Dawid is, vir die afgestorwenes wat aan die Joodse geloof behoort het.

Die terrein van die grafte bestaan uit nege persele, uitgelê rondom die as van 'n simmetriese patroon en van mekaar geskei deur uitgelegde paadjies. In elke perseel is die grafstene van wit Italiaanse marmer in reguit lyne geplaas.

Wat 'n roerende en imponerende toneel!

Dit was my eerste besoek aan die grootste Amerikaanse begraafplaas in Europa, die “tuiste” van dapper Amerikaanse voetsoldate en vlieëners waarvan die meeste hulle lewens verloor het tydens die veldslae langs die Duitse grense tydens die Tweede Wêreldoorlog.

Wat sê 'n mens – wat kan 'n mens sê – in tye soos hierdie? Hoe beheer 'n mens jou emosies terwyl duisende grafstene in stilte na jou kyk? So baie lewens, meestal jonk, eens vol drome en hoop, lê nou onder daardie grafstene begrawe.

“*Waarom oorloë?*” is moontlik die vraag wat die meeste deur besoekers gevra word wanneer hulle hierdie tragiese plek sien.

Daar is natuurlik ander Amerikaanse begraafplase in Europa. Reg oor die wêreld is daar ook talle ander begraafplase wat die oorskotte bevat van soldate van alle nasionaliteite en rasse. Ook hulle het – vir vrede en vryheid – hulle kosbaarste gawe opgeoffer – hulle lewens!

Vrede en vryheid? Wat 'n paradoks – wat 'n eufemisme! Wie sou in 1945 kon dink dat meer as 150 verdere oorloë in minder as 50 jaar in die jare na die einde van die Tweede Wêreldoorlog gevoer sou word? Wie sou geglo het dat miljoene ander soldate van alle nasionaliteite ook sou sterf en vandag nog steeds sterf – vir vrede en vryheid?

Maar, waar is die vrede? Wat is die vryheid of bevryding waarvoor mense bereid is om te sterf? By Saint-Avold, reg voor die Besoekersgebou aan die westekant, lê die rantjies waarin 'n deel van die versterkings van die Maginotlyn is.

Baie van die lesers van die *Wêreld van Môre* is waarskynlik te jonk om die groot rol te onthou wat die Maginotlyn, na die Eerste Wêreldoorlog, veronderstel was om in Frankryk se verdediging te speel. Baie mag dalk nie eens weet dat dit gestaan het as 'n pilaar van vrede nie – 'n ondeurdringbare skans waardeur geen leër kon kom of afgebreek kon word nie! Tog het die Maginotlyn geval – net soos die soldate wat opgedra was om ditte verdedig!

Wes van die Gedenkvoorhof se ingangspoorte, is die Kapel en Gedenkgebou. Binne in die gebou, onder die vyf standbeelde wat die oënskynlike ewige stryd om vryheid, soos voorgestel deur godsdienstige en militêre helde, verteenwoordig, lees die inskripsie: “Ons mede-landgenote – hulle het alles verduur en

alles gegee sodat die mensdom in vryheid en vrede kan leef. Hulle sluit aan by daardie roemryke groep helde wat hulle vooraf gegaan het”.

Toe ek oor dié woorde nadink, het ek gewonder wat al hierdie helde – wat vir “vrede en vryheid” gesterf het – nou sousê as hulle kon praat!

Teen die noordelike muur is kleurfoto's van ses ander Amerikaanse militêre begraafplase in Europa en bokant die foto's is die woorde van Generaal Dwight Eisenhower: “Hier word ons en almal wat hierna in vryheid kan leef, daaraan herinner dat ons aan hierdie manne en hul kamerade 'n skuld het om te vereffen, met dankbare herinnering aan hulle opoffering en met die vaste voorneme dat die saak waarvoor hulle gesterf het, sal bly voortleef”.

Inderdaad betekenisvolle woorde! 'n Plegtige voorneme! Maar, waar is ons vandag?

Die geskiedenis getuig

Sedert die begin van die mensdom het oorloë, met die vooruitgang van die beskawing, duurder en wreder geword.

'n Paar jaar gelede het 'n Hollandse professor die tyd afgestaan om die koste van die dood van 'n soldaat van die vyand te bereken gedurende verskillende tydperke in die geskiedenis. Hy het geskat dat tydens

Is Hierdie die ENIGSTE Dag van REDDING?

Wat sal gebeur met die BILJOENE mense wat nog nooit die ware God leer ken het nie, nog nooit ENIGE vorm van Christelikheid aangeneem het nie?

Is hulle vir ewig gedoem tot 'n brandende hel, of tot 'n ewigheid in uiterste duisternis?

Wat is die WARE antwoorde op dié vrae?

Skryf in of skakel ons vir u eie kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoord op hierdie vraag te kry!

die heerskappy van Julius Caesar, dit minder as 'n dollar gekos het om 'n soldaat van die vyand dood te maak. Teen Napoleon se tyd het dit geweldig toegeneem – tot meer as \$2 000. Teen die einde van die Eerste Wêreldoorlog het dit verskeie kere vermenigvuldig tot die syfer van ongeveer \$17 000. Tydens die Tweede Wêreldoorlog was dit ongeveer \$40 000. In 1970 in Viëtnam het dit die Verenigde State \$200 000 gekos om een soldaat van die vyand dood te maak.

Washington se ekonoom, Scott Wallsten, het onlangs bereken dat die koste van die VSA se oorlog in Irak, \$1 biljoen sal oorskry! Linda Bilmes, 'n openbare beleidsdeskundige aan die Kennedy Skool vir Regeringswese, skat die koste op meer as \$2 miljard, nadat die baie verskillende indirekte kostes verbonde aan 'n oorlog in berekening gebring is. 'n Mens sou reken dat geen nasie ooit weer nog 'n oorlog sou kon bekostig nie! Waarom berei die hele wêreld dan vir een voor?

Op 6 Augustus 1945 in Hiroshima, het die kombinasie van die hitte en ontploffing van die atoombom alles in die onmiddellike omgewing verpoeier. Dit het verder weg spontane brande laat ontstaan en winde gegeneer wat die vlamme in Hiroshima se krateragtige vorm so kragtig aangeblaas het dat die vure byna 11,4 vierkante kilometer van die stad afgebrand het. Daardie bom –met sy lading van slegs 12 kiloton –het minstens 80 000 mense gedood en daarby meer as 70 000 ander beseer.

Op 9 Augustus 1945 is 'n tweede bom op Nagasaki gegooi. Dit het minstens 40 000 mense gedood, nog net soveel beseer en bykans 4,4 vierkante kilometer vernietig.

Dit is jammer om dit te sê, maar die getuie van die geskiedenis ten spyte, het mense nog nie geleer dat oorloë nie probleme kan oplos nie; hulle het nog nooit nie. Een euwel by 'n ander euwel gevoeg maak twee euwels – hulle kanselleer mekaar nie uit nie. Oorloë vernietig. Hulle bou nie op nie.

Die oorsaak van oorloë

Waarom het ons dan oorloë? Waarom veg individue of volkere? Byna almal stem saam dat oorloë moet ophou, maar niemand het nog 'n manier ontdek om dit uit te skakel nie. Die talle konferensies oor vrede – waarvan die meeste tydens die twintigste eeu gehou is – het nóg oorloë voorkom, nóg hulle pas verdraag.

Hoe vreemd! Deur die geskiedenis heen het die mens tevergeefs gepoog om die werklike oorsake van

oorloë te verstaan. Hulle kon dit nie vind nie omdat hulle hul nie tot die regte bron – die Bybel – gewend het nie. Die apostel Jakobus skryf: “Waarvandaan kom oorloë en vegterye onder julle? Kom hulle nie hiervandaan, van julle welluste wat in julle lede stryd voer nie? Julle begeer en julle het nie, julle pleeg moord en is naywerig en julle kan niks verkry nie. Julle veg en maak oorlog, en julle het nie, omdat julle nie bid nie. Julle bid en julle ontvang nie, omdat julle verkeerd bid, om dit in julle welluste deur te bring” (Jakobus 4: 1-3).

Rusies en oorloë is neweprodakte van menslike, wêreldse, selfsugtige gedagtes van jaloesie, wellus en nyd. Die menslike aard stel heel eerste belang in sy eie gerief – in sy eie voordeel tot nadeel van sy naaste.

Alle mense is gelyk voor God. Gelykheid kan egter net behaal word wanneer ons almal saam stap – onder leiding van dieselfde liefdevolle gees – ongeag ras of nasionaliteit.

Wat sal die uiteinde wees? Indien oorloë in die verlede wenners en verloorders agtergelaat het, bly dit 'n feit dat daar met die Derde Wêreldoorlog slegs verloorders sal wees – geen wenners of oorwinnaars nie.

Regerings is hiervan bewus. Op hulle beurt waarsku militêre kundiges die wêreld van wat mag voorlê! U onthou moontlik die gesaghebbende woorde van Generaal Douglas MacArthur kort na die Tweede Wêreldoorlog toe hy gesê het:

“Ons het ons laaste kans gehad. Indien ons nie 'n beter en regverdiger stelsel kan bedink nie, is Armageddon op ons voorstoep. Die probleem is basies teologies en verg 'n geestelike oplewing en verbetering van die menslike karakter wat sal sinchroniseer met ons byna ongeëwenaarde vooruitgang in wetenskap, kuns, letterkunde en alle materiële en kulturele ontwikkelings van die afgelope 2,000 jaar. Dit moet van die gees wees ten einde die vlees te kan red”.

Geskiedenis herhaal homself omdat mense nie hul lesse leer nie. Hulle gaan voort om te leef net soos hulle wil leef, om vrede volgens hulle eie begrip na te strewen en om geregtigheid volgens hulle eie menslike redenasie toe te pas. Ons maai almal wat ons saai.

Die geskiedenis herhaal homself inderdaad omdat mense nie ophou sondig nie! Van die begin af het die mens die weg van rebellie gevolg. Vandag, na byna 6,000 jaar van beskawing, verkies die mens nog steeds om die weg van rebellie te volg.

Waarom? Omdat, presies soos Generaal MacArthur gewaarsku het, die verandering nie geestelik was nie.

Die woord *dissipline* is vandag ongewild; was dit nog altyd. Jonk en oud, mans of vroue, byna almal soek vryheid sonder om die reëls te respekteer wat dit beheer. Die meeste mense besef klaarblyklik nie dat ware vryheid die reg is om dit te doen wat God se Wet toelaat.

Vryheid is gelykstaande aan gehoorsaamheid aan God se Wet. Ons geniet vryheid wanneer ons óns wil aan Hom ondergeskik maak. Die apostel Jakobus noem God se Wet 'n volmaakte wet van vryheid: "Maar hy wat diep insien in die volmaakte wet van die vryheid en daarby bly, hy sal, omdat hy nie 'n vergeetagtige hoorder is nie, maar 'n dader van die werk, gelukkig wees in wathy doen" (Jakobus 1:25).

As 'n leser van die *Wêreld van Môre* behoort u te weet dat, volgens Bybelprofesieë, ons nou leef in die laaste dae van die samelewing soos ons dit ken. Ons is lankal verby die punt waar geen terugkeer meer moontlik is nie, en tensy God deur 'n wonderwerk ingryp, sal menslike lewe op aarde uitgewis word.

Hoe gedenkwaardig is dié woorde van 'n Franse koerantman wat geskryf het: "Indien die mens misluk om die weg na samewerking en welwillendheid te vind, sal hul verstommende uitvindings eindig deur die naïewe elemente te word van 'n reuse moord-

industrie!"

Ongelukkig is daar geen aanduiding dat die huidige beskawing ooit die weg na welwillendheid en samewerking sal vind nie.

Baie mense vra: "Kan godsdien ons dan nie help om ons probleme op te los nie? Kan godsdien nie 'n einde aan oorloë bring nie?"

Presies wat bedoel u met "godsdien"? Daar is vandag meer godsdienste as volkere – en tradisionele Christendom self bestaan uit honderde verskillende sektes en groepe wat almal daarop aanspraak maak dat hulle die waarheid verkondig.

Mans en vroue is deur geslagte heen uitgemoor, gehang, lewend verbrand en gemartel in die naam van godsdien. Waarom? Omdat die mens sy eie godsdienste bedink en geskep het, sy eie gelowe; en sy rug gedraai het op die geopenbaarde ewige waarheid. Die gevolg is dat nóg die mens se probeerslae, nóg sy godsdienstige gelowe vrede op aarde kan bewerkstellig. "Verwoesting en ellende is in hulle paaie", sê God, "die weg van vrede ken hulle nie" (Romeine 3:16-17).

Die afgestorwenes sal weer opgewek word

Die ware God – bewyse en beloftes?

Waarom is die God van die heelal nie vandag vir mense werklik nie?

Waarom is daar soveel skeptisisme en twyfel oor God?

As u al oor hierdie vrae gewonder het, kan die antwoorde u lewe verander!

In hierdie boekie word die bron van moderne wanbegrippe oor God ondersoek, en sewe bewyse word bestudeer wat die ware God sal onthul.

Skryf in of skakel ons vir u eie kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoord op hierdie vraag te kry!

Die 10 489 voetsoldate en vlieëniers wat begrawe lê onder die wit marmer grafstene by Saint-Avold sal eendag weer lewe – en hulle sal 'n nuwe hoofstuk in die geskiedenis skrywe.

Hierdie keer sal die geskiedenis wat hulle skryf egter nie vol oorloë wees nie; dit sal uit vrede bestaan – wêreldwye vrede! Saam met die ander miljoene der miljoene soldate wat ook “vir vrede en vryheid” gesterf het, sal hulle opgewek word om in 'n nuwe wêreld te lewe, 'n totaal ander wêreld waar die verandering uiteindelik geestelik sal wees.

U leef vandag in 'n sterwende wêreld. 'n Nuwe beskawing sal binnekort tot stand kom waar alle mense geleer sal word om God se Wette en onderwysing te eerbiedig.

'n Wonderwerk? Ja, maar dit sal plaasvind omdat Jesus Christus self hier op aarde die Koning van die konings en Here van die here sal wees. “En Hy sal oordeel tussen baie volke en regspraak vir magtige nasies tot in die verte; en hulle sal van hul swaarde

pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie” (Miga 4:3).

Dit is die evangelie wat Jesus Christus gebring het – die uiteindelijke hoop van die ganse mensdom. In die wonderlike wêreld van môre ... “sal [hulle] geen kwaad doen of verderf aanrig op My hele heilige berg nie; want die aarde sal vol wees van die kennis van die HERE soos die waters die seabodem oordek” (Jesaja 11:9). Op daardie reënerige dag by Saint-Avold, terwyl ek in stilte na die 10 489 grafstene gekyk het, het ek aan hierdie woorde gedink.

Die verhaal van daardie soldate – net soos die verhaal van alle soldate wêreldwyd wat vir vrede en vryheid gesterf het – is nie klaar nie. Hulle sal weer lewe, ná die opstanding. Dit wat hulle nie deur hulle dood “vir vrede en vryheid” kon bereik nie, sal hulle kan verwesenlik deur hulle lewe vir vrede en vryheid – ware vrede en vryheid in Christus. [WvM](#)

Wie of Wat is die Antichris?

Kan u uit die bybel bewys wie of wat die geprofeteerde Anti-Chris werklik is? Hierdie is nie die een of ander geheime, kriptiese onderwerp nie. U korrekte begrip hiervan mag bepaal of u in staat sal wees om die rol wat God vir u in Sy Koninkryk beplan te vervul, al dan nie!

Skryf in of skakel ons vir u eie kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoord op hierdie vraag te kry!

Vervolg vanaf bladsy 7 — Wêreldregering kom!

ganse mensdom. Hy wat *glo* en hom laat *doop*, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word" (Markus 16:15-16).

U behoort te **glo** in die vreugdevolle boodskap van God se regering wat spoedig gaan kom en wat vrede deur Sy weë en Sy **Wet** gaan bring! U behoort uself *hier en nou voor te berei* vir u aandeel in daardie Koninkryk.

Wat behoort u dan te doen?

Om die weg aan te toon hoe om te begin met hierdie lewe van gehoorsaamheid en oorgawe aan God, sê Petrus: "Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang" (Handelinge 2:38).

U moet bekeer van **sonde**. God sê aan ons in 1 Johannes 3:4: "Sonde is immers oortreding van die wet van God" (NV). Die *Bybel* sê sonde is die *verbreking van die Wet van God!*

U behoort hieroor **berou tot bekering** te hê – en ook oor u hele gesindheid van ongehoorsaamheid en vyandigheid teenoor God se heerskappy en gesag oor u lewe. U behoort nederig soos 'n klein kindjie te word en God dag-vir-dag toelaat om u deur Sy Woord te lei en te leer. U behoort *gedoop* te word – as 'n uiterlike teken van u bereidwilligheid om u ou self te *begrave* onder die water en om u lewe letterlik aan God oor te gee om te gebruik *soos dit Hom behaag*.

God **belowe** dan om in u, Sy verwekte seun of dogter, Sy kosbare Heilige Gees te plaas, sodat u Sy ware aarden karakterkan ontwikkel.

Let daarop dat selfs die Heilige Gees ontvang word deur gehoorsaamheid, want Petrus praat van "die Heilige Gees wat God gegee het aan die wat Hom **gehoorsaam** is" (Handelinge 5:32).

Na *bekering en doop* kan 'n Christen 'n lewe begin van oorwinning oor sonde en *gehoorsaamheid* aan God se Wet en Sy Koninkryk hier en nou. Dit word vermag deur die Heilige Gees en dié Gees se krag wat dan in hom is. Hierdie was die boodskap wat **al** God se dienaars regdeur die vroeëre, geïnspireerde Nuwe Testamentiese Kerk verkondig het!

Die evangelie verander nooit


Let op wat Filippus verkondig het toe hy die nie-Joodse stad Samaria besoek het. "Maar toe hulle Filippus geglo het, wat die evangelie aangaande die *koninkryk van God* en die *Naam* van Jesus Christus verkondig het, is hulle gedoop, mannesowel as vroue" (Handelinge 8:12).

Die apostel Paulus het hierdie evangelie aan die nie-Joodse Christene in Efese verkondig. Hy vertel aan hulle met sy laaste besoek: "En nou weet ek dat julle almal onder wie ek rondgegaan en die koninkryk van God verkondig het, my aangesig nie meersal sien nie" (Handelinge 20:25).

Tot aan die heel *einde* van sy bediening het Paulus voortgegaan om *hierdie boodskap* te verkondig! "En Paulus het twee volle jare in sy eie gehuurde huis gebly en almal ontvang wat na hom gekom het, terwyl hy die *koninkryk van God* gepreek en onderrig gegee het aangaande die Here Jesus Christus, met volle vrymoedigheid sonder enige verandering" (Handelinge 28:30-31).

Die *boodskap* van die toekomstige Koninkryk van God was die **enigste** boodskap van Jesus Christus! Daardie boodskap is die evangelie van vrede (Romeine 10:15; Efesiërs 6:15). Dit is die evangelie van redding (Efesiërs 1:13). Dit was die *enigste* boodskap wat Sy geïnspireerde Kerk en Apostels aan die wêreld geleer het! Dit was nog altyd die *boodskap* van God se ware Kerk deur die eeue heen!

Jesus Christus het gesê dat Sy *ware Kerk* daardie eerste boodskap sal verkondig as 'n laaste "getuienis" aan al die nasies van ons dag, net voor Sy Wederkoms! "En hierdie *evangelie van die koninkryk* sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en *dan sal die einde kom*" (Mattheüs 24:14).

U ontvang daardie evangelie op hierdie eerste oomblik! Deur die *Tomorrow's World* beeldsending en Wêreld van Môre-tydskrif word hierdie boodskap van Christus na al die nasies uitgedra as 'n laaste "getuienis", voordat Christus sal terugkeer om Sy heilsame regering oor die hele mensdom tot stand te bring. Mag God u help om te *verstaan* en daarop **ag te slaan!** 

Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.

Vrae & Antwoorde

Vraag: Wat is die rol van die Heilige Gees in 'n Christen se lewe? Wat gebeur met diegene wat die Heilige Gees ontvang, maar later God se roeping verwerp?

Antwoord: Jesus sê: “Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie; en Ek sal hom opwek in die laaste dag” (Johannes 6:44). Niemand kan deel van die Goddelike gesin word sonder 'n roeping van ons Hemelse Vader nie. Die roeping moet opgevolg word deur bekering, doop en ontvangs van die Heilige Gees (Handelinge 2:38-39). Christene ontvang die Heilige Gees deur die oplegging van hande deur Sy ware leraars (Handelinge 8:14-17).

Na ontvangs van die Heilige Gees, betree 'n Geestelike verwekte Christen 'n lewe van opleiding, toetsing, oorwinning en geestelike groei (2 Petrus 3:18). Christene groei geestelik deur te gee (Handelinge 20:35), deur God se Werk getrou te doen en Sy wil te gehoorsaam (Johannes 4:34). Jesus het gekom sodat ons Sy voorbeeld van diensbaarheid kan navolg (Mattheüs 20:25-28) en 'n oorvloedige lewe kan hê (Johannes 10:10).

Met die hulp van die Heilige Gees moet Christene hul menslike aard en die weë van hierdie wêreld oorwin. Dit is nie altyd maklik nie: “Ons moet deur baie verdrukkinge in die koninkryk van God ingaan” (Handelinge 14:22). Diegene wat egter standvastig bly, sal die ewige lewe ontvang. “En julle sal deur almal gehaat word ter wille van my Naam. Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word” (Mattheüs 10:22).

Ongelukkig is daar party Christene wat nie tot die einde toe vasbyt nie; hulle versak die lewenslange proses van bekering en groei, en keer terug na die weë van die wêreld en die sondige lewens wat hulle eens gelei het. Diegene wat die Heilige Gees ontvang het en nogtans volhard in opstand teen die God wat hulle eens gedien het, se voorland is die poel van vuur. “Want as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie, maar 'n verskriklike verwagting van oordeel en 'n vuurgloed wat die teëstanders sal verteer. As iemand die wet van Moses verwerp het, sterf hy

sonder ontferming op die getuienis van twee of drie; hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaad het? Want ons ken Hom wat gesê het: My kom die wraak toe, Ek sal vergelde, spreek die Here; en weer: Die Here sal sy volk oordeel. Vreeslik is dit om te val in die hande van die lewende God” (Hebreeërs 10:26-31).

Hoe sorg ons dat ons nader aan God en nie verder van Hom af wegbeweeg nie? Ons moet onself gedurig ondersoek. “Ondersoek juisself op die proef. Of is julle nie seker van juisself dat Jesus Christus in julle is nie – as julle ten minste nie verwerplik is nie! Maar ek hoop dat julle sal insien dat ons nie verwerplik is nie” (2 Korintiërs 13:5-6).

Sondig 'n Christen wat die Heilige Gees ontvang het nog steeds? Ja! Maar boetvaardige Christene wat waarlik berou het oor die sondes wat hulle gepleeg het, kan vergewe word wanneer hulle hul foute voor God bely en hul wegkeer van daardie sondes. Jesus Christus maak God se vergifnis moontlik. “My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige. En Hy is 'n versoening vir ons sondes, en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir *dié van die hele wêreld*” (1 Johannes 2:1-2). Ons moet diep dankbaar wees teenoor Christus, ons Verlosser, aangesien ons op geen ander wyse saligmaking kan ontvang nie, slegs deur Sy Naam kan enigiemand gered word (Handelinge 4:12).

Om meer van God se plan vir redding te wete te kom, skryf gerus vir ons gratis boekie, *Is hierdie die enigste dag van redding?* Dit sal u help om God se plan te verstaan – nie net Sy plan vir u nie, maar vir die ontelbare miljarde mense wat geleef en gesterf het sonder om ooit Jesus Christus se Naam te hoor. [WWW](#)

Profesie neem

Droogtes en hongersnood aan die toeneem!

In ons moderne, wêreldse tydvak is die meeste mense se aandag toegespits op hulself – op hul werk, hul vermaak en die verkryging van materiële dinge. Min van hulle verstaan of sien die verband tussen wydverspreide weerverwante gebeure en historiese Bybelse voorspellings. Nogtans is daardie ontnugterende profesieë nou besig om *gestalte aan te neem!* Reg oor die aardbol is omgewingsrampe wat lankal voorspel was besig om miljoene mense se lewens te raak. Dit lyk asof ons nou 'n *kritieke kruispad* in die geskiedenis van die menslike beskawing nader – een wat duidelik in die Skrif gemeld word.

Eindtydse profesieë en die weer

Toe Jesus gevra was: “Wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld?”, antwoord Hy dat Sy Wederkoms sal plaasvind gedurende 'n tydperk gekenmerk deur oorloë en gerugte van oorloë “*hongersnode ... pessiëktes en aardbewings op verskillende plekke. Maar al hierdie dinge is 'n begin van die smarte*” (Mattheüs 24:3-8). Die apostel Johannes sien in 'n visioen vier perderuiters wat die einde van hierdie tydvak sal inlei (Openbaring 6:1-8). 'n Wit perd stel vals godsdiens voor. 'n Rooi perd stel oorlog en geweld voor wat reg oor die wêreld sal versprei. 'n Swart

perd, met 'n ruiter wat 'n skaal in sy hand hou, stel 'n tydperk van *skaarste, stygende voedselpriese en hongersnood* voor. 'n Vaal perd stel voor: Dood deur *honger*, siektes en natuurlike rampe wat *een kwart van die aarde* sal tref! Die profeet Joël voorspel dat die dag van die Here – Christus se Wederkoms – *ongekende rampe* sal meebring, insluitende 'n vernietigende tydperk van *droogte* waarin “die koring ... verwoes [is], die mos ... weggedroog [het] ... al die bome van die land ... verdor [het] ... Is die spys nie weggeruk voor ons oë nie?” (Joël 1:10-16). Die profeet Jeremia het gepraat van 'n tyd van oordeel wat gaan kom, insluitende 'n tyd van “groot *droogte* ... omdat daar geen reën op die aarde is nie ... daar geen gras is nie” (Jeremia 14:1-6). Jesaja het aangaande Egipte die volgende voorspel: “En die waters sal uit die groot waterplas verdwyn, en die rivier sal *uitdroog en droog lê* ... elke saailand van die Nyl sal verdor ... En die vissers sal klaag” (Jesaja 19:5-8). Berigte van reg oor die aardbol toon dat hierdie toestande *al meer vandag voorkom en voorspel dat dit nog erger gaan word* – vererger deur wêreldwye klimaatsverandering!

Wêreldwye droogte-toestande

Gedurende die laaste dekade het droogtes en uiterste weerstoestande 'n aantal gebiede

in die Verenigde State geteister. Arizona is in sy twaalfde jaar van droogte en suidelike Kalifornië het so pas sy droogste herfs en winter in meer as 'n eeu ervaar. Een koerant in Palm Springs berig selfs: “Ons het windstorms en 'n kwaaie winterry [wat sitrus en ander ooste ernstig beskadig het] gehad, maar geen beduidende reënval nie ... *hierdie is een van die ernstigste droogtes in omtrent 'n 100 jaar*”. Weervoorspellers voorsien dat hierdie droogte na Nevada, Utah, westelike Kolorado en Nieu-Mexico gaan uitbrei. Droogte toestande duur ook voort in Wyoming en westelike Suid Dakota, en in die Texas, Oklahoma en Kansas streke. Hoë temperature en lae reënval het ook die suidoostelike state geteister, insluitende noordelike Florida, Georgia en Alabama. In April het swaar ryp amper die hele vrugteoes (appels, perskes, pruime en kaalperskes) en 'n groot deel van die druiweoes in Missouri en Indiana vernietig, asook ernstige skade aangerig aan die winter koringoes in sentrale Kansas en Alabama.

In oostelike Australië het die Murray-Darling Kom ('n gebied wat ongeveer vier keer die oppervlakte van die Verenigde Koninkryk beslaan) “die ergste droogte in die nasie se geskiedenis” beleef (www.timesonline.co.uk, 19 April 2007). Die 55,000 boere in hierdie gebied verbou bykans al die land se pitvrugte, groente, rys en katoen

gestalte aan

(www.timesonline.co.uk). Hierdie weerverwante misoeste voorspel *dramatiese verhogings in voedselpryse*. In 2006 het die droogte Australië se winterkoringoes met nagenoeg 60 persent laat daal. Aangesien Australië, naas die Verenigde State, die tweede grootste uitvoerder van koring in die wêreld is, beteken dit 'n laer inkomste vanuit uitvoere en minder graan vir Australië se vernaamste markte in Asië en die Midde-Ooste (www.stuff.co.nz, 24 Maart 2007).

Nuusberigte lui, “Meer as 5.5 miljoen mense in suidwestelike China ondervind 'n tekort aan drinkwater as gevolg van *ernstige droogte*” (www.news.bbc.co.uk, 24 Maart 2007). Lae reënval in China affekteer ook ses miljoen lewende hawe en 'n halfmiljoen hektaar grond. In noordwestelike China benodig honderde duisende mense nood- watervoorrade as gevolg van 'n *gebrek aan reën*. Om sake te vererger, besoedel miljarde ton onbehandelde chemiese- en rioolafval die vernaamste riviere en maak die water ondrinkbaar en giftig vir die waterlewe in die riviere.

Groot dele van Afrika word deur ernstige droogte-toestande gekwel. Suid-Afrika, wat gewoonlik mielies na ander Afrika lande uitvoer, moet noodgedwonge mielies *invoer* as gevolg van “*die ergste droogte in 40 jaar*. Sommige ouer mense sê dit is *die ergste droogte ooit*” (*Mail and Guardian*, 17 Maart 2007). Indien

mieliepryse bly styg, sal baie boere genoodsaak wees om 'n groot deel van hulle aantelwee te slag. Een boer “*vervloek die slegte weer, wat hy glo, die ergste in sy loopbaan as boer is*”. Hy sê: “My oes is verlore ... Dit is *aaklig*” (*ibid.*). Weervoorspellers is bevrees dat hierdie droogte die begin is van 'n lang droë periode vir die somerreënval gebiede van Suid-Afrika – wat vererger kan word deur klimaatsverandering. Ander dele van suidelike en oostelike Afrika gaan alreeds vir jare lank gebuk onder droogte-toestande. Boonop daal die watervlakke in die Victoria meer – 'n bron van die Nyl rivier, die langste rivier in die wêreld – teen 'n kommerwekkende tempo. Ongeveer 45 persent van die daling kan toegeskryf word aan droogte en 55 persent aan swak-beplande hidro-elektriese damme wat tans die uitvloeit uit die meer beheer. Die toenemende *aanvraag* na elektrisiteit en besproeiing in die tien lande wat die Nyl Kom uitmaak (wat 10 persent van die vasteland van Afrika beslaan en die tuiste is van miljoene mense) kan lei tot *konflikte* en *wateroorloë* oor toegang tot hierdie kwynende hulpbron (www.irn.org).

Historiese waarskuwings!

Die Bybel meld dat God lank gelede baie ernstige waarskuwings aan Israel gerig het – waarskuwings wat hulle met die res van die wêreld

moes deel (sien Deuteronomium 4:1-10). God waarsku: “Maar as julle nie na My luister en al hierdie gebooie nie doen nie; en as julle my insettinge verwerp, en as julle siel van my verordeninge 'n afsku het ... sal [Ek] julle hemel maak soos yster en julle aarde soos koper ... julle land sal sy opbrings nie gee nie” (Levitikus 26:14-20). God het later hierdie waarskuwings herhaal: “Maar as jy nie luister na die stem van die HERE jou God ... nie, sal al hierdie *vloeke* oor jou kom en jou inhaal ... jou hemel wat bo jou hoof is, sal koper, en die aarde wat onder jou is, yster wees ... Die HERE sal die reën van jou land poeier en stof maak ... totdat jy verdalg is” (Deuteronomium 28:15-24). Die Skrif toon “al hierdie vloeke sal oor jou kom ... *omdat* jy nie geluister het na die stem van die HERE jou God om sy gebooie en sy insettinge wat Hy jou beveel het, te hou nie ... *Omdat* jy die HERE jou God nie met vreugde en vrolikheid van hart weens die oorfloed van alles gedien het nie” (Deuteronomium 28:45-47). Terwyl die mensdom die omgewingsperke van die aarde oorskry en God se geestelike wette teen afgodediens, diefstal, owerspel, moord, aborsie en ander gruwels ignoreer, behoort ons nie verbaas te wees dat hierdie historiese en betekenisvolle profesieë *nou gestalte aanneem nie!* — Douglas S Winnail

Vervolg vanaf bladsy 13 — Europese Unie: Veranderings Vorentoe?

bepaal. Toe Angela Merkel onwilligheid aan die kant van die Franse teengekom het om 'n voorstel van die EU te steun, het sy aangedui dat Duitsland *ander vriende* in Europa het met wie hulle kan saamwerk – die Italianers. Dit is betekenisvol dat die Italiaanse leier, Romano Prodi, reeds aangedui het dat as Brittanje teësinnig is om 'n weg te baan met die planne van meer Europese integrasie, die Britte *agtergelaat* mag word.

Een idee wat voortdurend kop uitsteek elke keer wanneer die EU-nasies probleme ondervind om saam te werk, is dat 'n “kerngroep” van nasies die voortou behoort te neem om sodoende dieper integrasie na te streef. Die Verdrag van Maastricht bevat in werklikheid so 'n voorsiening wat 'n *groep van agt of meer nasies* toelaat om in spesifieke areas saam te werk en voor die ander uit te beweeg. Indien 27 nasies se pogings om saam te werk skipbreuk lei, sal hierdie *kerngroep* uiteindelik na vore tree –

en in alle waarskynlikheid sal hulle gelei word deur Duitsland. Dit is presies wat Bybelse profesieë lankal reeds aangedui het. Die apostel Johannes skryf: “En die tien horings wat jy gesien het, is *tien konings* [nasies of nasionale leiers] ... [wat] hulle krag en mag oorgee aan die dier” (Openbaring 17:12-13). Wanneer die profeet Daniël hierdie selfde eindtydse sisteem beskryf, vergelyk hy dit met die voete van 'n groot beeld – en daardie voete het *tien tone* wat hy gelykstel aan *tien konings* (Daniël 2:40-45). Hierdie profesieë toon duidelik dat die eindtydse herlewing van 'n politieke sisteem in Europa en wat historiese bande met die Romeinse Ryk het, 'n *kern van tien nasies* sal hê. In moderne Europa word die voorbereiding getref vir die vervulling van hierdie lank-bepeinsde profesieë!

Die maande wat voorlê sal gevul wees met uiters belangrike gebeure. Kragtige magte werk agter die skerms om die verloop

van sake in Europa te beïnvloed. Wat meeste mense vandag nie beseft nie – selfs nie die geheimsinnige beplanners in Brussels of die langtermyn strateë in die Vatikaan nie – is dat God die *toekoms van Europa* in die bladsye van die Bybel *openbaar* het (2 Thessalonicense 2:9-12). God het hierdie openbaring gegee, sodat Sy dienaars die wêreld kan waarsku oor wat werklik gaan gebeur (Amos 3:7; 2 Petrus 1:19-21) en dat diegene wat ag slaan op die waarskuwings, nie *verras of mislei* sal word deur die warboel van gebeure wat die Wederkoms van Jesus Christus vooraf sal gaan nie. Dit is een rede waarom Christus aan ons sê om wêreldgebeure *dop te hou* in die lig van die Bybel se profesieë (Mattheüs 24:42-44). Die vraag is: Sal u die belangrikheid van wat werklik besig is om in Europa te gebeur insien en ook hoe daardie gebeure inskakel in eindtydse profesieë wat in die bladsye van u Bybel aangeteken is? [WWW](#)

Openbaring: Die verborgenheid onthul!

Baie beskou Openbaring as 'n boek in die Bybel wat die moeilikste is om te verstaan. Sommige mense maak die ingewikkelde vertellings en aanskoulike beskrywings as blote versinnebeelding af, terwyl andere aanneem dat dit vervloë geskiedenis oorvertel. Die waarheid is egter veel meer merkwaardig: Indien u Openbaring verstaan, kan u weet wat die toekoms vir ons wêreld inhoud!

Skryf in of skakel ons vir u eie kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoord op hierdie vraag te kry!

Satan se vervalste Christendom

Die verstommende boodskap in hierdie boekie sal u raak in die jare wat binnekort voorlê en dit sal ook 'n uitwerking op u ewige toekoms hê!

Dit is lewensbelangrik.

Hierdie inligting is vir baie eeue onderdruk, maar dit is inligting waarvan u kennis moet dra!

Skryf in of skakel ons vir u eie kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoord op hierdie vraag te kry!

Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

te sê. Wat sal die VSA moontlik kan doen indien China besluit om Taiwan terug te eis? Dit is tyd vir Amerika om die waarheid onder oë te sien. Die VSA as 'n nasie is besig om te verswak op ekonomiese en militêre gebied en as 'n morele invloed in die wêreld. China is egter besig om *opgang te maak!*

Ten spyte van China se groeiende ekonomiese en militêre mag, word die land geteister deur enorme probleme. Alhoewel die kolossale oplewings in die boubedryf in Beijing, Shanghai en 'n paar ander groot stede werk aan miljoene werkers verskaf, word addisionele honderde miljoene Chinese in die plattelandse gebiede ver agter gelaat. Hulle het dikwels 'n tekort aan genoegsame voedsel en suiwer water om die lewe slegs draaglik te maak. Gedurende die afgelope paar jaar was daar reg oor China *derduisende* proteste en onluste in die kleiner stede en dorpe. Dit veroorsaak 'n kolossale probleem vir China se regerende elite. Met die komende Olimpiese Spele en hulle begeerte om te spog met hulle nasie, wil die Chinese leiers nie hê dat daar enige soort mini-opstand moet plaasvind nie.

Kan dit gebeur te midde van soveel Chinese voorspoed? Daar is in werklikheid "twee Chinas". Buitelandse toeriste en besigheidslui sien slegs die glansende rykdom en materiële vooruitgang wat in die groot stede opsigtelik is. Intussen dui honderde verslae aan dat daar in die binnelandse gebiede 'n

groeïende rusteloosheid onder die massas heers. Sal daar dus 'n soort van politieke oproer wees wat China se poging om werklik 'n *toonaangewende* wêreldmoondheid te word, gaan dwarsboom?

Sal die groeiende mag van 'n verenigde Europa – *gelei deur 'n herrese Duitsland* – vinnig daardie kontinent op die voorgrond stoot in die wedloop om supermoondheid-status? Die meeste lesers van die *Wêreld van Môre* ken die antwoord. Dit verander egter nie die feit dat China se ekonomiese en politieke invloed besig is om te groei nie; en dat Amerika se werklike *kolossale skuld* aan ander lande – *veral aan China* – die voorbereiding is vir die Ewige God om die trotse mag wat Amerika so lank geniet het, te "breek" nie (Levitikus 26:19).

Selfs dán moet ons besef dat *beide* die VSA en China 'n werklike bewustheid van die Skepper van die heelal kortkom. Die *Economist* tydskrif het onlangs die volgende aangaande die Chinese berig: "'n Konstante tema wat van bedagsame Chinese gehoor word, is dat China se opgang 'n morele onderskraging benodig en dat daar 'n morele leemte in die Chinese lewe is. Die Dalai Lama plaas die blaam op die Kommunistiese Party se 'radikale atiësme' en voorspel dat 'vroeër of later, 'n geestelike of morele kultuur sal moet kom om die innerlike leegheid te vul; uiterlik sal daar wet en orde, demokrasie en vryheid van die pers moet wees'" (ibid.).

Wat die VSA aanbetref, is die meeste van u wat hierdie tydskrif lees maar alte bewus van die ware tragiese toestand waarin Amerika moreel verkeer. Televisieskerms regoor Amerika bly deurtrek met ongeoorloofde seks. Geweld, dwelmmisbruik en die uitermatige misbruik van alkohol is aan die toeneem. Amerikaners laat al meer toe dat hulle wetgewers en regters "God uit die publieke oog **verwyder**". Vir die VSA – net soos vir enige nasie wat nie tot sy sinne kom en waarlik na die God van die Bybel begin "soek" nie – is die rigting van die toekoms *afwaarts*.

Diegene van u wat die voorspellings van die Bybel bestudeer het, weet dat die Ewige God toon hoe die Amerikaners en ander volke van Britse afkoms, wat die "geboortereg" beloftes wat aan Abraham gegee is ontvang het, voortdurend sal sien hoe hulle ontsaglike materiële seëninge stap vir stap weggeneem gaan word, tensy hulle waarlik *berou* het, hulle *bekeer* en

terugkeer na ons Skepper en Sy regverdige lewenswyse.

Die opkoms van China en sy ontsaglike ekonomiese, politieke en militêre mag sal onteenseglik 'n groot rol speel om die Amerikaners en ander volke van Britse afkoms, te verootmoedig. Ons behoort almal aan die geheelbeeld te dink wanneer ons wêreldgebeure dophou en sien hoe die *doel* van die Almagtige God uitgewerk word. Onthou, nadat Jesus die laaste gebeure van hierdie tydvak beskryf het, sê Hy: "Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan" (Lukas 21:36).



Wêreld van Môre

Bybelstudiekursus

Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.

**Skryf aan: Lewende Kerk van God
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS
9880**

**of skakel : 058 622 1424
en vermeld dat u navraag doen
na die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**

Hierdie kursus, soos ook al ons ander publikasies, word gratis en sonder enige verpligting aan u gestuur.